

DS. FRANS LION CACHET.

Transvaal het twee kerklike afskeidings gehad. Die eerste het in 1859 onder leiding van ds. D. Postma plaasgevind en die tweede in 1866 onder leiding van ds. Frans Lion Cachet. 'n Vergelyking tussen die twee toon 'n groot verskil. Ds. Postma was nie die bewerkstelliger van die eerste afskeiding nie, en het nie sy toevlug tot 'n lasterveldtog geneem om sy saak te bevorder nie. Die al-of-nie sing van die Gesange in die openbare erediens was hoofsaaklik die oorsaak. Hy het die afskeiding nie kunsmatig geforseer nie, en sy persoon staan los daarvan. Dit het sonder bitterheid plaasgevind en op die dag van die afskeiding het ds. Postma en ds. Van der Hoff mekaar nog eers die hand van broederskap gerek, en in dieselfde jaar, op 24 November 1859, is ds. Postma nog deur ds. Van der Hoff in die Hervormde Kerk van Rustenburg in die huwelik bevestig.

Die afskeiding onder ds. F. Lion Cachet vertoon 'n gans ander beeld. Hy het dit op kunsmatige wyse bewerkstellig en het vir die bereiking van sy doel 'n lasterveldtog op tou gesit waardeur daar bitterheid en verdeeldheid onder die volk gekom het wat in baie opsigte groot vyandskap veroorsaak het. Hierdie afskeiding kan nie goed verstaan word as daar geen kennis van sy persoon geneem word nie.

DS. CACHET VOOR SY KOMS IN TRANSVAAL.

Die familie Cachet was 'n Joodse familie in Amsterdam. In Holland is twee soorte Jode, die Portugese Jode wat in die sewentiende eeu uit die Spaanse skiereiland na Holland geëmigreer het, en die Hoog Duitse Jode wat uit Oos-Europa afkomstig is en hulle ook reeds in die sewentiende eeu in Amsterdam gevestig het. Holland was die land van godsvryheid en daar het nooit Jodevervolgings plaasgevind nie. In Pruisse waar Frederik die Grote gesê het dat ieder mens op sy eie wyse kan salig word, het tog drukkende en vernederende bepalinge vir die Jode gegeld, sodat daar 'n gestadige trek na Nederland was. Die voorouers van ds. Cachet het ook tot hierdie Duits-Joodse emigrante behoort. Die verste wat ons hulle kan terugspoor is tot op Levi Calman die grootvader van ds. Cachet. Hy is omstreeks 1767 te Glagau (Glauchau) in Pruisse gebore.¹⁾ Na sy emigrasie na Holland is hy in Amsterdam met Anna Salomonsdogter getroud. Uit hierdie huwelik is ses kinders bekend waarvan die oudste omstreeks 1787 in Amsterdam gebore is, en die jongste, Salomon, op 22 Februarie 1802. Hy was die vader van ds. Cachet. Die familie het nie 'n eie familienaam gehad nie en toe dit in die Napoleontiese tyd verpligtend geword

¹⁾ Hierdie gegewens is uit die argief van die stad Amsterdam verstrekk, afdeling Burgerlike Stand, en as korrek gesertifiseer deur die Administrateur daarvan op 5 Feb. 1953.

het om 'n familienaam aan te neem, het Levi Calman op 13 Desember 1811 die naam Lion Cachet aangeneem. Hy is op 23 Julie 1834 oorlede. Salomon, die vader van ds. Cachet, was sigaremaker, tabakshandelaar en later opsigter van beroep. Hy is op 2 Januarie 1833 te Amsterdam met Rachel Hamburger getroud.²⁾ Uit hierdie huwelik is ses kinders gebore: Anna, geb. 1 Maart 1834, Frans, geb. 28 Jan. 1835, Carel, geb. 24 Nov. 1836, Jan, geb. 29 Nov. 1838, Anna, geb. 25 Sept. 1840, en Marianna Catharina, geb. 8 Feb. 1845.

Dit was 'n eenvoudige maar respektable familie. Deur bemiddeling van Isaac da Costa en Abr. Capadose wat onder die Amsterdamse Jode ge-evangeliseer het, het die gesin tot die Christendom oorgegaan en is op 30 September 1849 in die Noorderkerk van die Hervormde Gemeente Amsterdam deur ds. Willem van der Leeuw gedoopt.

Cachet het die lesse aan die Skotse Seminarie te Amsterdam gevolg. Dit was nie 'n inrigting waar predikante opgelei is nie. Oorspronklik wou ds. A. Brummelkamp 'n seminarie vir die opleiding van predikante vir die Afsgekeie Gereformeerde Kerk stig, maar die plan het nie deurgegaan nie³⁾ waarop ds. C. Schwartz, predikant van die Vrye Skotse Gemeente in Amsterdam, hom met die Free Church of Scotland in verbinding gestel het met die resultaat dat die Seminarie in November 1852 geopen is.⁴⁾ Die doel was volgens Isaac da Costa, wat die siel van die inrigting was, om „colporteurs, Evangelisten, zendelingen” op te lei, of soos Groen van Prinsterer dit op 11 Oktober 1853 uitgedruk het: „Hier is eene kweekschool, juist ook voor die Evangelieboden waarvan thans de behoefte vooral wordt gevoeld, als colporteurs, Evangelisten, zendelingen, enz.” Verder is dit nader omskryf: „De Vrije Schotsche Kerk stelt zich bepaaldelijk het zendingswerk, zoowel

2) In die sterfkennis van prof. Jan Lion Cachet — Transvaalse Boedelkamer no. 20926/1912 — is haar naam opgegee as Rachel Aletta Cohen. Die bevolkingsregister van Amsterdam noem haar Rachel Hamburger, gebore te Amsterdam op 1 April 1805 en aldaar oorlede op 30 Oktober 1880, dogter van Ephraim Salomon Hamburger en Marianne Salomon de Vries. Hamburger was dus haar regte van, en nie Cohen nie.

3) Dr. G. M. den Hartogh: *Het Christelijk Gereformeerd Seminarie te Amsterdam* (Delft 1939); A. Brummelkamp jr.: *Levensbeschrijving van wijlen Prof. A. Brummelkamp* (Kampen 1910) bls. 388—413. J. C. Rullmann: *De Vrije Universiteit haar ontstaan en haar bestaan* (Amsterdam 1930) bls. 11—13.

4) C. Schwartz is in 1817 in Pole uit Joodse ouers gebore en het na Berlyn gegaan om vir rabbyn te studeer, maar het na die christendom oorgegaan en daarop te Halle en Berlyn in die teologie gestudeer. In 1842 het die Londense Sendinggenootskap hom as sendeling onder die Jode na Constantinopel gestuur; in 1843 is hy deur die Free Church of Scotland benoem om onder die Jode in Berlyn sendingswerk te doen, in 1849 in Praag en in dieselfde jaar in Amsterdam waar hy tegelyk predikant van die Free Church was. In 1850 is *De Heraut* opgerig om sy werk onder die Jode te steun. In 1864 is hy na Londen om daar onder die Jode te arbeid, waar hy in 1870 oorlede is. Sien *Briefwisseling van Mr. G. Groen van Prinsterer met dr. A. Kuyper* (Kampen 1937) bls. 107. In 1864 of 1865 het die Teologiese Fakulteit te Gleson hom die doctorstitel verleen, *Brummelkamp*, bls. 411.

binnen als buiten 's lands bij de vestiging van het Seminarie ten doel."⁵⁾ Met ander woorde, die doel was Evangelisasiewerk van die Free Church of Scotland in die „buitenland”, d.w.s. buitekant Skotland, en veral onder die Jode, want Schwartz sowel as Da Costa en Capadose het as bekeerde Jode in hierdie werk belang gestel. Die dosente van die inrigting was Schwartz, Isaac da Costa, J. W. van Loon en J. J. Teding van Berkhout. Van hulle was Schwartz die enigste wat teoloog was, die ander was almal regsgeleerdes. 'n Wetenskaplike opleiding van predikante het die Seminarie dan ook nie beoog nie. Die doel was soos Rullmann dit uitdruk, die „opleiding van zendelingen en evangelisten maar wie predikant wilde worden in de Nederlandsch-Hervormde Kerk bleef naar de Rijks-academiën gaan, terwijl de Christelijk Afgescheidene Kerk in 1854 haar eigen Theologische School te Kampen stichtte.” Cachet het nie aan 'n universiteit gaan studeer om op dié wyse predikant te word nie, waarskynlik omdat hy die nodige voorstudie nie gehad het nie. Self sê hy „mijne begeerte was predikant te worden zonder de akademie te bezoeken.”⁶⁾ Die akademies was volgens hom „met zwart krijt geteekend”. Hy is aan die seminarie nie vir predikant opgelei nie, maar is alleen na 'n vierjarige verblyf aldaar deur die bestuur nl. Schwartz, Da Costa, Van Loon, De Neufville en Teding van Berkhout namens die „Colonial and Continental Committee of the Free Church of Scotland” as „Licentiate” bevorder om onder die „Heidenen” te werk. Begin April 1858 het hy na die Kaap vertrek, voorsien van 'n aanbeveling van ds. Schwartz en twee predikante van die Ned. Hervormde Kerk waarin hulle die Kaapse kerklike besture versoek het om hom „na bevind van zaken als zendeling te ordenen.”⁷⁾ Vanaf Julie 1858 het hy ook in 'n Independentente kapel op Groenpunt begin preek stad waargeneem, 'n vroeëre Independentente kleurlinge gemeente wat in 1857 by die Ned. Geref. Kerk ingelyf is. Op 2 Julie het hy daar vir die eerste keer gepreek, die allereerste keer in sy lewe. Hy verhaal self dat hy tot dusver nog alleen eenkeer in Gent 'n bybellesing gehou het en eenkeer in Delft 'n bidstond vir Israel waargeneem het.⁸⁾ Einde 1858 het hy ook in 'n Independentente kapel op Groenpunt begin preek en in 1859 is hy aan die Independentente kleurling gemeente Ebenezer in Kaapstad verbonde. Maar hy was nie van plan om sendeling te wees nie, hy wou predikant word, al was hy nie daarvoor opgelei nie.

Die destydse Kaapse Kerkwet het in art. 63 bepaal dat ieder nuwe predikant hom by sy aankoms by die Actuarius van die Sinode vir legitimasie moes aanmeld en daarby bewys moes voorlê „dat hij Kandidaat is tot de H. Dienst bij een Provinciaal of Classikaal Kerkbestuur of Provinciaal Consistorie of Presbyterium”, m.a.w. dat hy in Neder-

⁵⁾ *De Vereeniging: Christelijke Stemmen*, 1854, bls. 312.

⁶⁾ *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* (Leeuwarden 1875), dl. 1 bls. 1.

⁷⁾ Kaapse Sinodale Argief S.3, 1/6.

⁸⁾ *Vijftien jaar in Zuid-Afrika*, bls. 9.

land of in Skotland deur die daartoe bevoegde kerklike besture geëksamineer en beroepbaar verklaar is. Maar hoewel Cachet nooit ofte nimmer in Nederland of in Skotland voor enige kerklike bestuur verskyn het en geëksamineer is nie, en nooit ofte nimmer beroepbaar verklaar is nie, het hy 'n paar dae na sy aankoms aan die Kaap brutaalweg na die Actuarius gegaan om gelegitimeer te word en in die Kaapse Kerk beroepbaar gestel te word. Aangesien hy nie die vereiste stukke kon oorlê nie het dr. A. Faure, die Actuarius, hom nie toegelaat nie en eers die advies van dr. P. E. Faure, die Voorsitter van die Sinode, gevra.⁹⁾ Dr. P. E. Faure se antwoord was dat hy nie weet nie of die „Colonial and Continental Committee of the Free Church of Scotland” 'n liggaam was wat in die terme val van een van die in art. 63 van die Kerkwet vermelde kerkbesture, en dat dit raadsaam is om eers na Skotland te skryf en te vra of hulle Cachet daar as „een Licentiatie van de Vrije Kerk van Scotland” erken. Die Actuarius het dit aan Cachet meegedeel waarop hy toe op 20 Julie terug geskryf het dat hy lidmaat van die Hervormde Kerk van Nederland is en „candidaat tot de Heilige Dienst bij de Vrije Kerk van Schotland” en gevra om georden te word sodat hy „in eene gemeente uit de kleurlingen opgerigt en behoorende tot de Nederduitsch Gereformeerde Kerk” tot die diens van Woord en Sakramente toegelaat kan word. Hy wou nou probeer om langs hierdie pad predikant te word. Die eienaardige is dat hy beweer dat hy tegelykertyd lidmaat is van die Hervormde Kerk van Nederland en kandidaat tot die heilige diens, d.w.s. proponent, van die Vrye Skotse Kerk is. Die Actuarius het hierdie versoek weer deurgestuur na die Voorsitter van die Sinode, dr. P. E. Faure, wat op 24 Julie 1858 as volg geantwoord het :

Ik zie niet in hoe de H.Ew. Actuarius voorstaand verzoek zoude kunnen inwilligen. De Eerw. Hr. Cachet is niet *beroepbaar* voor *eenige* gemeente der Nederd. Geref. Kerk van Zuid-Afrika, voordat hij zich bij den Actuarius Synodi *gelegitimeerd heeft*: of die gemeente een van kleurlingen of blanken zij. Is hij zulks en wordt hij dan beroepen, zoo voorziet de Wet in zijne *ordering*, en is dit het werk van het Ringsbestuur onder welke zoodanige gemeente resorteert.

Hierop het Cachet na Skotland geskryf en die General Assembly het op 31 Mei 1859 besluit om hom te erken as „a probationer of this church licensed for foreign service”. Dit is duidelik : sy „licence” het nie in Skotland gegeld nie, maar alleen in die buiteland, d.w.s. op die

⁹⁾ Die stukke berus in die Kaapse Kerkargief S.3, 1/6 en S.3, 2/2. Nadat hierdie artikel reeds geskryf en vir die pers gereed was, het ek van dr. G. M. den Hartogh, tans professor in Kerkgeskiedenis te Kampen, sy belangrike artikel *F. Lion Cachet en zijn Licentieering te Amsterdam* ontvang. Dit het in 1952 in die *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift*, bis. 161—183, verskyn en het my in my beskouings oor die lisensiaat van Cachet versterk.

sendingsveld in die kolonies. Trouens hoe sou dit ook kon bestaan dat een Skotse predikant en drie regsgeleerdes in Amsterdam vir die Free Church of Scotland predikante op oplei, terwyl daar in Skotland self die nodige teologiese fakulteite aan die verskillende universiteite was! Dr. Faure se antwoord was dat hy sonder verder eksamen nie toegelaat kon word nie. Maar Cachet het vasgehou. As hy eenmaal iets wou, dan moes en dan sou dit ook gebeur. Hy het weer na Skotland geskryf en op 21 Februarie 1860 het die „Colonial and Continental Committee” die kommissie wat die sending in die buiteland behartig het, geantwoord dat hy in Skotland sou kon preek en dat dit wel voorgekom het dat „Presbyteries” (= Ringe of Classes) sulke persone vir die „colonies and elsewhere” georden het. Hy was dus alleen geregtig vir sendingswerk of Evangelisasiewerk in die kolonies of in die buiteland, dus ’n beklemtoning dat hy ’n „licentiate for *foreign service*” was, goed genoeg vir die kolonies, maar nie vir „at home” nie.

Die Sendingskommissie van die Ned. Gereformeerde Kerk wou van sy dienste gebruik maak en het hom in Mei 1860 as sendeling onder die Mohammedane in Kaastad benoem.¹⁰⁾

In September 1860 het Cachet in Kaapstad kennis gemaak met Tiyo Soga, ’n christen Kaffer, seun van Soga, een van die invloedrykste raadslede van die kafferkaptein Gaika. Hy is in Skotland as sendeling opgelei en is daar met ’n blanke vrou getroud en het in Kafferland sendeling van die Free Church of Scotland geword. Hy het Cachet aangeraai om saam met hom na Kafferland te gaan en hom deur die Presbyterium van die Free Church daar te laat orden. Hy het dit gedoen en is op 25 Oktober op die sendingstasie te Alice deur W. Govan, J. Ross, B. Ross, R. Ross, H. Calderwood en Tiyo Soga sendelinge van die Free Church of Scotland en F. G. Kayser en J. Read van die Londense Sendinggenootskap met die handoplegging georden. Hy het die formulier van die Free Church onderteken en lid daarvan geword en is as predikant gelegitimeer. Maar hy is georden sonder dat hy ’n beroep na ’n bepaalde gemeente of sendingsveld gehad het, dus onwettig georden omdat die wette van die Free Church of Scotland so ’n ordening sonder beroep verbied het.¹¹⁾ So het Cachet hom op wederregtelike wyse in die diens van die Woord en die Sakramente ingedring; sonder wettige opleiding, sonder wettige ordening. Hy het nie deur die deur binne gekom nie maar het van elders ingeklim.

Cachet was nou lid van die Free Church of Scotland, was georden en die sendingsveld het vir hom oopgestaan. Maar hy was nooit van plan om sendeling by genoemde Kerk te word nie, hy het dit alleen gebruik om vir hom ’n opening as predikant by die Ned. Geref. Kerk

¹⁰⁾ *De Gereformeerde Kerkbode*, 19 Mei 1860, bls. 160.

¹¹⁾ *The Practice of the Free Church of Scotland in her several Courts*, chapter II, part II, division I — Department of original Action, art. 35, waar soiets verbied word.

te forseer. Op 26 November het ds. Morgan wat predikant van die Free Church in Kaapstad was, hom as predikant van die Independenten gemeente Ebenezer bevestig. Nou kon hy in hierdie kleurlinge gemeente die Sakramente bedien waarvoor hy volgens 'n vorige brief aan dr. A. Faure so graag georden wou wees. Twee weke na sy bevestiging skryf hy egter aan dr. A. Faure en vra hy om op grond van dit alles as predikant van die Ned. Gereformeerde Kerk gelegitimeer te word! Dr. Faure het hom op 15 Desember 1860 geantwoord dat hy op sy eie versoek deur die Presbyterium van die Free Church of Scotland in Kafferland georden is en dus predikant van daardie Kerk geword het en daarna deur 'n predikant van daardie Kerk te Ebenezer bevestig is, en vra hom nou waarom hy so begerig is om predikant van die Ned. Gereformeerde Kerk te word van welke Kerk hy volgens sy verklaring ook lidmaat was, en waarom hy hom dan nie volgens die wette van die Ned. Geref. Kerk wou laat eksamineer nie. Hy laat hom in die Skotse Kerk orden en bevestig, nadat hy plegtig beloof het dat hy hom volgens die verordeninge van daardie Kerk sal gedra, maar onmiddellik daarna wil hy daardie Kerk weer verlaat. En vir die eer van die Skotse Kerk waarvan hy hom nou wil afskei, en vir die belang van die Ned. Geref. Kerk en vir homself is opheldering nodig. Op 17 Desember het Cachet probeer om aan dr. Faure die nodige ophelderinge te gee. Hy was „bewogen” deur die behoefte van die Ned. Geref. Kerk „aan Leeraren en zendelingen” en daarom wou hy so graag daar arbei „liefst als zending” maar hy sou dit beter kon doen as hy ook predikant was. Sy werk ly skade as hy nie gorden is nie en daarom het hy na vriende in Skotland geskryf wat hom na die naaste Skotse Presbyterium verwys het.¹²⁾ Hy is begerig „om zelfs den schijn van *dubbelhartigheid*” van hom af te werp, want hy „haat” dubbelhartigheid. Dr. A. Faure se antwoord was dat dit voor die Sinodale Kommissie sou kom.

Nou het daar ander dinge gebeur wat die onwettighede in die loopbaan van Cachet sou vermeerder. Ds. P. Huet van Pietermaritzburg het in *De Kerkbode* van 26 Januarie 1861 uit naam van die Natalse gemeentes 'n „ernstig verzoek” tot die „aankomende leeraren der Ned. Geref. Kerk” gerig om tog 'n beroep na Natal te oorweeg waar die behoefte aan meer predikante dringend was. En Cachet, hoewel nie gelegitimeer nie, het homself by ds. Huet aangebied, waarop laasgenoemde hom uitgenooi het om as hulpprediker daarheen te gaan. Hy het sy werkkring onder die kleurlinge en sy sendingswerk dadelik gelos en na Natal vertrek. Hy sou nou ds. Huet gebruik om hom te help om predikant te word. Reeds op 2 Maart 1861 het ds. Huet aan dr. A.

¹²⁾ In sy *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* vertel Cachet op bls. 50—52 'n ander storie: hy het in September 1860 in Kaapstad met Tiyo Soga kennis gemaak en met hom oor sy wens om georden te word gepraat waarop laasgenoemde hom aangeraai het om met hom saam te gaan en hom in Kafferland te laat orden, wat dan ook op 25 Oktober op die sendingstasie te Alice geskied het.

Faure geskryf en gevra of Cachet die sakramente in Natal mag bedien. Dr. Faure het op 20 Maart geantwoord:

Het is mij vreemd te vernemen dat de WelEerw. Lion Cachet zijne diensten heeft aangeboden tot hulpprediker in de vacante gemeenten te Natal, daar hij volgens officieele bekendmaking der zendings commissie, tot zending is aangesteld voor de Mohammedanen in Kaapstad en het hem bewust is dat zijn verzoek om als leeraar onzer Kerk te worden gelegitimeerd nog eerst aan de Synode zal worden voorgelegd.

Ds. Huet het toe op 3 April dr. Faure meegedeel dat die Kerkraad van Ladysmith Cachet uitgenooi het om as hulpprediker daar te fungeer tot met die sitting van die Sinode in 1862 en het sy vraag herhaal of hy die sakramente mag bedien. Dr. Faure het in sy antwoord op 18 April daarop gewys dat die Sinode indertyd geweier het om sendeling Döhne wat as opvolger van Daniel Lindley as predikant in Pietermaritzburg werksaam was, te legitimeer hoewel die kerkraad van Pietermaritzburg en „vele predikanten” dit versoek het.¹³⁾ Verder het hy ds. Huet gevra „of het niet zeer gewaagd zij, iemand tot hulpprediker, op *eigen aanbod* te benoemen, omtrent wien het alsnog twijfelachtig is of zijn verzoek, om als predikant te worden gelegitimeerd, door de Synode zal worden toegestaan? — terwijl hij niet zoo zeer als hulpprediker handelt, maar de geheele functie van predikant zal vervullen?”

Ds. Huet was in 1858 deur die Natalse Goewernement as predikant van Ladysmith aangestel. Hy was 'n gevoelsmens wat meermale onder die indruk van die oomblik gehandel het sonder dat hy hom eers van te vore behoorlik rekenskap gegee het, waardeur hy ander mense soms swaar beledig het en veral die boerebevolking van die binneland vir wie hy nie veel goeie woorde gehad het nie. In 1860 het die Goewernement hom as predikant van Pietermaritzburg aangestel. Vir wet en reël het hy nie altyd oog gehad nie soos ook blyk uit sy handeling om Cachet van Kaapstad na Natal te laat kom om daar te arbei en sy konsulentswerk aan hom oor te dra. Cachet het op 20 Junie 1861 in Ladysmith aangekom, voorsien van 'n aanbevelingsbrief van ds. Huet en op versoek van die kerkraad het die Goewernement hom met ingang van 3 Julie as predikant van Ladysmith aangestel.¹⁴⁾ Die onwettigheid hiervan is duidelik. Hoe kon ds. Huet aan iemand wat nie lid van die

¹³⁾ Dit kan hier herinner word dat Daniel Lindley wat van 1840—1847 predikant van die Voortrekkers in Natal was, ook nooit as predikant in die Kaapse Kerk gelegitimeer is nie, en dat die Sinodale Kommissie eers einde 1845 besluit het om die attestate van persone wat deur hom as belydende lidmate bevestig is, te erken.

¹⁴⁾ Natalse argief C.S.O. 2445 p. 154; *The Natal Government Gazette*, July 9th, 1861. Die aanstellingsbrief is gedateer 26 Junie 1861, wat daarop wys dat ds. Huet wel 'n hand in die saak moes gehad het, gesien die spoed waarmee alles gegaan het.

Ned. Geref. Kerk was nie,¹⁵⁾ wie se status nie deur die Kaapse Sinode erken is nie, sy konsulentwerk oordra? Bowendien, die benoeming van 'n konsulent was die werk van die Ring, in hierdie geval van die Ring van Transgariëp, en nie van 'n predikant nie. Verder, hoe kon die Goewerment van Natal iemand as predikant van die Ned. Gereformeerde gemeente aanstel wat nie by die Actuarius as predikant gelegitimeer was nie? Soiets was in stryd met art. 63 van die kerkwet wat bepaal het dat die Actuarius na die legitimasie daarvan kennis moes gee aan die Goewerneur, waarmee bedoel is dat die Goewerneur alleen gelegitimeerde predikante kon benoem.¹⁶⁾ Maar dit was nog nie al nie. Op 10 Augustus 1861 het Cachet onder sy eie voorsitterskap in Utrecht 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou, gewapend met 'n brief van ds. Huet waarin hom volmag gee is om kerkraadsvergadering daar te hou en Woord en Sakramente te bedien! Toe die Ring van Transgariëp op 21 Oktober 1861 op Ladysmith saamkom, is hierdie aanstellings van Cachet egter gehandhaaf, en die Ring het selfs nog verder gegaan en hom behalwe van Ladysmith ook nog konsulent van Harrysmith in die Oranje Vrystaat en van Utrecht in die Suid-Afrikaanse Republiek gemaak. 'n Eienaardige toestand: terwyl hy nog lid is van die Free Church of Scotland, aangestel deur die Engelse Goewerneur van Natal, word hy konsulent gemaak van twee Hollandse gemeentes in twee vrye Republieke! Veral wat die gemeente Utrecht aanbetref was dit 'n baie vreemde en eienaardige toestand, want op 12 Mei van die vorige jaar 1860 het die kerkraad aldaar na aanleiding van 'n besoek van ds. Van der Hoff aan die gemeente toe hy ook nuwe lidmate bevestig het, op voorstel van ds. P. Huet besluit om „geen predikant tot de (Kaapsche) Synode niet behoorende toe te laten aanneming en kerkeradsvergadering te houden — de prediking des Woords en de bediening der bondzegelen evenwel toe te staan”, en toe ds. A. J. Begemann op 4 November van dieselfde jaar op versoek van dieselfde ds. P. Huet Utrecht besoek het en op versoek van die kerkraad aanneming en bevestiging van nuwe lidmate laat plaats vind het, het die kerkraad op 1 Februarie 1862 onder voorsitterskap van Cachet besluit om aan ds. Begemann te skryf dat hy, omdat hy nie onder die Kaapse Sinode geressorteer het nie, maar onder die van die Transvaalse Hervormde Kerk, die Staatskerk van die Republiek, in die toekoms daar nie meer mag preek nie. En dit, terwyl én ds. Van der Hoff én ds. Begemann aan die Kaap gelegitimeer was en hulle status

¹⁵⁾ Ds. Huet het op 30 April in die eerste Natalse Ringsvergadering verklaar dat Cachet „tijdens de Synode tot onze Kerk was overgegaan,” d.w.s. eers in November 1862.

¹⁶⁾ Op bls. 101 van sy *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* beweer Cachet, sonder die minste bewysgronde dat dit „later” sou geblyk het dat die Goewerneur wel die reg sou gehad het om 'n ongelegitimeerde as predikant aan te stel! Maar hierdie bewering word deur art. 63 van die destydse Kerkwet geloënstraf.

daar erken is, maar Cachet nie gelegitimeer was nie en sy status nie daar erken is nie! Cachet wou die Hervormde Kerk van Transvaal gewoonweg nie erken nie! En tog, twee dae later, op Maandag, 3 Februarie 1862, het hy die volgende brief aan die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaanse Republiek geskryf:¹⁷⁾

Geeft met verschuldigden eerbied, den ondergeteekenden waarnemend Consulnt der Nederduitsche Hervormde Gemeente te Utrecht, district Buffel Rivier, in naam en als Voorzitter van den voornoemde gemeente, met eerbied te kennen, dat den Kerke-raad van gezegde gemeente in hare vergadering van heden, besloten heeft eenen Leeraar voor deze gemeente te beroepen, dat art. 227 der grondwet dezer Republiek bepaalt: „dat aan elk der Leeraren der Ned. Hervormde Gemeenten een jaarlijks tractement van Rds. 3000 zegge drie duizend Rijksdaalders door het Gouvernement toegelegd, en gewaarborgd wordt,” dat de Kerke-raad voornoemd evenwel gemeend heeft geen bindend beroep op een Leeraar te moeten uitbrengen voor zij zich tot het Gouvernement gewend heeft met verzoek om het salaris voor een Leeraar voor deze gemeente op de Staatsbegrooting te brengen, waarom de Kerke-raad voornoemd bij dezen Z.H.Ed. den Heer President van den Uitvoerenden Raad met eerbied verzoekt, het salaris voor een Leeraar der Nederduitsche Gereformeerde Gemeente te Utrecht voornoemd op de Staatsbegrooting te brengen, en haar te doen weten, van af welken tijd zij over dit salaris beskikken kan, opdat zij met het beroepen van een Leeraar kan voortgaan.

Hoewel hy in hierdie brief ook praat van die „Nederduitsche Gereformeerde Gemeente te Utrecht” noem hy homself tog „waarnemend consulnt der Nederduitsche Hervormde Gemeente te Utrecht”, en wou hy die indruk wek dat hierdie gemeente tot die Ned. Hervormde Kerk, die Staatskerk van die land, behoort, en dus volgens die Grondwet wat 'n salaris vir die predikante van hierdie Kerk gewaarborg het, ook reg op so 'n salaris uit die landskas het. En hy doen dit terwyl Utrecht onder die Ring van Transgariëp en die Kaapse Sinode geval het en hyself deur die Engelse Goewernment van Natal aangestel was! Die Uitvoerende Raad het hom egter nie laat beet neem nie, en het nie op sy brief ingegaan nie.

Tydens hierdie besoek aan Utrecht en die besoek twee maande later, in April 1862, het hy ieder keer met die landdros van Utrecht, die heer Salomon Maritz, 'n broer van die Voortrekker-leier Gert Maritz, in 'n botsing gekom omdat hy hom gewoonweg nie aan die huwelikswet van die Republiek wou steur nie. In later jare het hierdie soort konflikte hulle herhaal, en daarom is dit nodig om uitvoerig daarby stil te staan.

¹⁷⁾ R.88/62.

Waar die Roomse Kerk die huwelik as 'n sakrament beskou, sodat dit uitsluitend 'n kerklik karakter het en alleen deur die priester bevestig kan word, daar het die Hervormers dit nie as 'n sakrament gereken nie. Nie alleen die Kerk, maar ook die Staat is 'n instelling van God, en omdat die huwelik 'n kontrak tussen twee partye is, 'n kontrak waaroor die Staat moet waak, moes dit in die eerste plek deur die Staat gesluit word waarna die Kerk dit kan inseën. Dit was die ou beginsel wat ook in die Kaap gegeld het waar die huwelikshof in 1676 ingestel is. Die bruid en die bruidegom moes eers in Kaapstad voor die huwelikskommissaris verskyn voordat 'n kerklike inseëning kon plaas vind. Kommissaris-generaal De Mist het in 1804 'n huweliksordonnansie uitgevaardig waardeur hy ieder landdros met twee heemrade in die buitelandse distrikte die reg gegee het om ook as huwelikskommissaris op te tree.¹⁸⁾ Dit was 'n groot verbetering want nou was dit nie meer nodig vir die bruidspare om eers die lang reis na die Kaap te maak nie, maar voortaan kon hulle voor die landdros in hul eie distrik verskyn om daarna die huwelik kerkelik te laat inseën. Maar dit het nie altyd so gebly nie. Ten gevolge van die afskaffing van die slawerny is in Engeland in 1838 gemeen om vir die Britse Kolonies Brits Guiana, Trinidad, St. Lucia, Kaap die Goede Hoop en Mauritius een gemeenskaplike huwelikswet te maak wat op 1 Februarie 1839 in die Kaap van krag geword het.¹⁹⁾ Dit was voortaan nie meer nodig om eers voor die huwelikskommissaris te verskyn nie want 'n kerklike inseëning was voldoende. Met die afskaffing van die huwelikskommissaris het die huwelikshof ook verdwyn, en daarmee het 'n instelling verdwyn wat vanaf die vroegste tye aan die Kaap bestaan het. Die Voortrekkers het egter die ou Hollandse instelling gehandhaaf en die huwelike in Transvaal moes voor die Landdros en Heemrade voltrek word,²⁰⁾ en so het dit in Transvaal gedurende die hele bestaanstydperk van die Republiek gebly. Volgens Bylae No. 1, art. 1, van die Grondwet is die praktyk soos deur Van der Linden omskryf, gevolg.²¹⁾ In Natal het dit tot 1846 die praktyk gebly, toe die Engelse wet van 1838 ook daar van krag gemaak is.

Toe Cachet in Februarie 1862 in Utrecht was, was daar 'n paar wat wou trou. Hulle het voor die Landdros en Huwelikskommissaris verskyn en wou daarna hulle huwelik kerklik laat inseën. Maar Cachet het moleste gemaak. Hy wou die gaan voor die huwelikskommissaris nie aksepteer nie, omdat dit volgens hom onnodig was, en het beweer „dat hij alleen dat huwelijk moest sluiten en de gelden daarvoor ont-

¹⁸⁾ Kaapse Plakkaatboek, deel VI, p. 215—228.

¹⁹⁾ *Statute Law of the Cape of Good Hope* (1862), p. 446—459.

²⁰⁾ Dr. A. Wypkema: *De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.R. tot 1881* (Pretoria 1939), bls. 202—205.

²¹⁾ Joannes van der Linden: *Rechtsgeleerd Handboek* (1806), bls. 14—33.

vangen," en het geëis dat die 21 Rds. trougeld wat aan die Landdros betaal was, alles aan hom gegee moes word, terwyl hy in werklikheid maar reg had op 5 Rds. Landdros Maritz het die Uitvoerende Raad met Cachet se houding in kennis gestel.²²⁾ In April van dieselfde jaar het hy weer met die Landdros oor die sluiting van huwelike getwis. Daar was 'n paar wat wou trou, naamlik Christiaan Frans Gunther wat in Utrecht gewoon het en Johanna Dekker wat weer in Natal gewoon het. Die huweliksgebooië het sowel in Ladysmith as in die landdroskantoor van Utrecht geloop. Op Maandag 28 April moes hulle eers volgens wet voor landdros Maritz en die huweliks-kommissaris verskyn vir die burgerlike voltrekking van die huwelik, waarna dit dan in die kerk ingeseën kon word. Toe die landdros klaar was het Cachet se diaken Henry Loxton in die landdroskantoor gekom om uit naam van Cachet die huwelik te stop. Daarna het Cachet self sy verskyning in die landdroskantoor gemaak „op hoogen toon eischende” om die wet te sien wat bepaal dat die bruidspaar eers voor kommissaris moes gaan en toe die Landdros weier om aan sy impertinente eis te voldoen „verklaarde hij openlijk dat het huwelijk onwettig was” wat die Landdros gesluit het „en dat hij het gehuwde paar in den kerkelijken ban zou doen als ze als man en vrouw leefden, en hunne kinderen die ze mogten krijgen zou weigeren te doopen. Verder dat hij aan het Britse Gouvernement zou klagen, als zijnde de bruid een Britsch meisje”. Die Landdros het geantwoord dat dit aan hom onbekend was dat Cachet konsulent van Utrecht was en dat hy nie by die Transvaalse Kerklike outoriteite as sodanig bekend was nie, waarop hy geantwoord het met die predikante van Transvaalse Kerk en die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering (ds. A. J. Begemann) „openlijk kwade jongens” te noem en gesê het „dat wij onder het gezag van de Kaap behooren”, waarna die Landdros hom artikel 23 van die Grondwet laat voorlees het: „Het volk erkent geen ander kerkelijk gezag dan dat, wat door de Kerkeraden zijner Nederduitsch-Hervormde Gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vastgesteld volgens art. 20,” en daarop het die Landdros hom gevra om die kantoor te verlaat.

Cachet wou met hierdie brutale en onbeskaamde optrede die Engelse wet van Natal in Utrecht toepas, net asof hierdie distrik nie 'n deel van die Transvaalse Republiek was nie, maar van die Engelse kolonie Natal. Dit is dan ook niks vreemd nie dat daar in dieselfde tyd in die geheim onder leiding van Cachet se reeds genoemde diaken Henry Loxton 'n memorie rondgegaan het om handtekening te kry om die Engelse Goewerment te vra om Utrecht te annekseer.²³⁾

In 1862 het Huet en Cachet die *Natalbode* opgerig, 'n weekblad wat van 17 Februarie tot 22 Desember bestaan het. Dit was bitsig teen

²²⁾ R.90/62.

²³⁾ Landdros Maritz aan die Uitvoerende Raad op 29 April 1862, argief distrikt Utrecht, no. 9.

Transvaal en die Transvalers. So is o.a. die latere generaal P. J. Joubert daarin van allerhande wreedhede teen die inboorlinge beskuldig. Die Boere sou slawehandelaars wees. In die uitgawe van 18 Augustus het Cachet 'n viervoudige wee oor die Transvalers uitgeroep: 'n wee oor die volk, 'n wee oor die predikante, 'n wee oor die kerkrade, 'n wee oor die avondmaalsgangers. Hy was geen vriend van die Voortrekker-ideaal nie, en in sy herinneringe oor die jaar 1862 sê hy onbewimpeld: „ . . . het was waarlijk een zegen voor de kolonie dat de Engelschen in 1806 voor goed het bestuur overnamen; dat de Kaap eene Engelsche bezitting werd; en er voor blanken en zwarten, voor kerk en school behoorlijk gezorgd kon worden.”²⁴⁾ Asof dit in die sewentiende en agtiende eeu nie gedoen is nie.²⁵⁾

Cachet het nou probeer om uit Natal met behulp van ds. Huet die poorte van die Ned. Geref. Kerk te rammei sodat hy as predikant daardeur kon gaan. Op 22 Februarie is hy gewoonweg onder voorsitterskap van ds. Huet deur die kerkraad as predikant van Ladysmith beroep en aan dr. A. Faure is twee afskrifte van die beroepsbrief gestuur. Ds. Huet het op 3 Maart in 'n lang brief aan dr. Faure die legitimasie van Cachet bepleit en Cachet self het op 12 Maart weer aansoek gedoen om gelegitimeer te word. Met hierdie beroepsbrief wou hulle dr. Faure blykbaar dwing. Maar hy het ds. Huet geantwoord dat hy „*ultra vires*” sou handel as hy sou gehoor gee. Die Sinodale Kommissie het ook geweier en die Sinode sou aan die einde van die jaar besluit.

Die Sinode het op 14 Oktober 1862 in Kaapstad saamgekom. Cachet het gesorg dat hy ook ter plaatse aanwesig was, want hy moes alles doen wat hy kon om sy versoek te laat slaag. Dit is in die sitting van 28 Oktober behandel.²⁶⁾ Die Skotse element was in die Sinode sterk en het baie invloed gehad en het Cachet se saak gesteun en in hierdie verband moet veral die naam van die skriba dr. W. Robertson genoem word. Ds. Huet was een van die sterkste bepleiters daarvoor. Onder die besliste teenstanders daarvan was onder andere die Assessor, dr. P. E. Faure, predikant te Wynberg, dr. J. J. Kotze van Richmond en ds. J. H. du Plessis van Cradock. Dr. P. E. Faure het o.a. gesê:

Waarom zouden onze jongelieden aan een strengen akademischen cursus en aan examina moeten worden onderworpen, als men uit ander kerkgenootschappen maar zoo kan overkomen waar op die vereischten minder streng wordt aangedrongen. Bovendien was het Seminarium waar de applicant zijn bewys van had, slechts een wetenschappelijk ligchaam; en het zou het eerste geval zijn waar een dergelijk ligchaam certifikaten uitreikte die den bezitter

²⁴⁾ F. Lion Cachet: *Vijftien jaar in Zuid-Afrika*, bls. 138.

²⁵⁾ S. P. Engelbrecht: *Die Kaapse Predikante van die Sewentiende en Agtiende Eeu*, bls. 34—35.

²⁶⁾ *Handelingen der Tiende vergadering van de Synode*, bls. 34—35; *Het Volksblad*, 30 Okt. 1862.

gelijkstandig zou maken met een kandidaat tot de heilige dienst. Hij kon begripen dat een wetenschappelijk ligchaam iemand tot doctor in de teologie kon verheffen; maar niet dat het over de geschiktheid kon beslissen van iemand tot de uitoefening van pligten aan het leeraarsambt verbonden. Maar bovendien was het doel van het Seminarium waar de heer Cachet was opgeleid, slechts om zendelingen en evangelisten te vormen; en het was ten duideljkste gebleken dat de heer Cachet, bij zyn eerste aanvraag, zich ook niet tot meer geregtigd had geacht, want hij had toen gevraagd om eene ordening waardoor hij onder eene gemeente van kleurlingen, zoo als George, de bondzegelen kon bedienen. Maar naar mate hij meer had gekregen, wenschte hij ook meer te hebben, en dat was iets dat niet moest worden aangemoedigd.

Toe dit tot stemming kom, is met 56 teen 48 stemme besluit om hom te legitimeer. Verskillende predikante en ouderlinge het laat aanteken dat hulle in die minderheid gestem het, terwyl dr. J. J. Kotze van Richmond die volgende protes ingelewer het :

De ondergeteekende protesteert tegen het besluit der Vergadering ten opzigte der legitimatie van den Eerw. Cachet, als in strijd met het beginsel onzer Kerkelijke Wetten over de toelating van Predikanten in de Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika.

Dr. S. Hofmeyr van Montagu het aantekening van sy minderheidstem versoek

omdat in de Vrije Kerk van Schotland, degenen die den graad hebben ontvangende van „Licentiate for Foreign Service” niet op grond daarvan gelijke regten hebben met de gewone leeraren dier Kerk, maar alleen in sommige gevallen, eerst door beslissing van de „General Assembly” tot den vollen Kerkelijken status worden toegelaten.

By 'n grondige ontleding en bestudering van die stukke wat in verband staan met Cachet se opleiding aan die Amsterdamse Seminarie sowel as met sy aansoek om gelegitimeer te word kan tot geen ander gevolgtrekking gekom word nie as dat hy geen reg had op legitimasie nie. Hy is op 28 November gelegitimeer en het toe na die Ned. Gereformeerde Kerk oorgegaan.

DS. CACHET NA TRANSVAAL.

Na afloop van die Sinode is Cachet terug na Natal en sou nou spoedig op Ladysmith bevestig word. Dit was bepaald vir 28 Maart 1863, maar dit kon nie dadelik deurgaen nie. Cachet was te twissiek van aard om hom nie vyande te maak nie. Sy parmantigheid het reeds verskeie mense teen hom gemaak en van meer as en kant is besware teen sy bevestiging ingestuur. F. J. Maritz, 'n broer van die Utrechtse Landdros Salomon Maritz en van die Voortrekker-leier Gert Maritz,

het besware gemaak wat hierop neergekom het dat daar geen bewys was nie dat Cachet werklik lid van die „Hollandsch Hervormde Kerk” is, dat hy onwettig as predikant toegelaat is en dat hy 'n som geld, £48.4.6, wat hy vir 'n nagmaalservies gekollekteer het, grotendeels vir ander dinge uitgegee het.¹⁾ 'n Ander persoon, D. de Waal, se besware was dat 'n brief van hom aan die kerkraad waarin hy hom teen die beroep uitgelaat het, deur Cachet met 'n skrywe beantwoord is wat 'n „domme brutaliteit” was en vol met „grove beledigingen”. C. K. Aveling, 'n praktiserende geneesheer op Ladysmith, het ook besware ingedien wat hy persoonlik wou toelig. Dit het o.a. gegaan oor beledigende uitlatings wat Cachet teenoor hom op die preekstoel gemaak het. Die gevolg was dat die bevestiging van Cachet uitgestel is totdat die Eerste Natalse Ringsvergadering wat vir 30 April, 1 en 2 Mei 1863 opgeroep was, die besware kon behandel.²⁾ Toe die besware van Maritz behandel is, het ds. Huet aan hom verduidelik dat Cachet in November 1862 na die Ned. Geref. Kerk oorgekom het en op voorstel van ds. Van Heyningen en ds. Mac Carter is besluit om Cachet te vra om die bewyse van sy ordening en legitimasie voor te lees, wat hy eers geweier het omdat hy dit as 'n belediging beskou het vir die kerkraad van Ladysmith, die konsulent ds. Huet, die Ringskommissie, die Ringsvergadering asook vir die HoogEerwaarde Sinode. Maar later het hy dit tog onder protes geles. Maritz het sy besware volgehou, veral teen die optrede van Cachet as waarnemende konsulent, terwyl hy nog lid van die Skotse Kerk was. Die klag is tenslotte van die hand gewys, net soos die van de Waal. Dr. Aveling het sy klag persoonlik toegelig en o.a. gesê dat hy uit die Engelse sertifikaat van ordening van Cachet verstaan „dat hij tot niets was geordend („He was ordained to nothing”)” d.w.s. sonder dat hy 'n beroep had. Cachet het opgespring en hom in die rede geval want hy het dit as 'n belediging vir die Presbytery van die Skotse Kerk wat hom georden het, geag. Aveling is gevra om dit terug te trek, wat hy egter geweier het, waarop hom die woord ontnem is en die saak daarmee geëindig het.

Cachet is hierna op 3 Mei deur ds. P. Huet bevestig. Deur sy parmantige optrede het hy in Ladysmith baie moeilikheid gegee. Eenkeer, so verhaal ds. H. F. Schoon, is sy gedenkrede *Na Vijftig Jaren* (1915) het hy die „volle Kerkeraad bedreigd met de rechtbank”. In 1863 is hy na Utrecht beroep. Maar hierdie gemeente was egter te klein om sonder regeringsteun die predikantsalaris te verskaf. Cachet het, soos ons gesien het, reeds in Februarie 1862 probeer om so 'n salaris uit die staatskas los te kry en het toe die gemeente selfs „Hervormd” genoem, om die indruk te wek dat dit onder Hervormde Kerkverband staan en daarom volgens die Grondwet reg op so 'n salaris

1) Van hierdie bedrag het Cachet slegs £21 vir die nagmaalservies uitgegee en die res vir ander dinge. Sien *Natalbode* 1 September 1862.

2) Notule Natalse Ring 30 April, 1 en 2 Mei, arts. 10, 11 en 19.

had. Ons het ook gesien hoe hy in daardie selfde jaar 1862 geweier het om hom in verband met die inseëning van huwelike aan die grondwet te onderwerp, en die Engelse wet van Natal wou toepas, en dat hy die predikante van die Transvaalse Hervormde Kerk en die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering minagtend „kwade jongens” genoem het, en dat die Uitvoerende Raad op sy aansoek om salaris nie gereageer het nie. Hy moes dan ook in November 1863 vir die beroep bedank. Kort daarop, op 26 Maart, is hy weer na Utrecht beroep en het hy weer probeer om 'n salaris uit die staatskas te kry. Hy het op 23 Junie 1864 aan president Pretorius geskryf³⁾ en gesê dat hy die beroep waarskynlik reeds sou aangeneem het, „ware het niet dat er een gerucht verspreid is, dat het Gouvernement der Z.A. Republiek het door de grondwet aan iederen predikant der Gereformeerde Kerk in de Republiek gewaarborgde salaris van Rds. 3000 per jaar niet zou betalen dan tenzij de gemeente Utrecht zich onvoorwaardelijk vereenigde met de algemene Kerkvergadering in de Republiek.” Hy het dit 'n „onregtvaardigheid” genoem want dit is bekend „dat de gemeenten Utrecht en Lydenburg zich steeds beschouwd hebben en beschouwd zijn als gemeenten behoorende onder de Kaapsche Synode en nimmer verklaard hebben te willen behooren onder de Algemeene Kerkvergadering der Z.A. Republiek.”

President Pretorius het op 11 Julie 1864 Cachet as volg geantwoord:

1. Dat de „Gemeenten van Utrecht en Lijdenburg zich steeds beschouwd hebben en beschouwd zijn als Gemeenten behoorende onder de Kaapsche Synode en nimmer verklaard hebben te willen behooren onder de Algemeene Kerk vergadering der Z.A. Republiek” — beschouw ik als een *grootte* ongeregeldheid daar ik niet kan inzien hoe eene Kerk sorteerende onder een bezoldiging genietende van *eene* staat, zich kan scharen onder de kerkelijke wetten (gerugsteund door eene ordonnantie) van eenen *anderen* staat.
2. Dat ik de handelingen van eenige Leeraaren *tegen* de Synode van de Kaap Colonie, om de leeraren van Natal en de Vrijstaat van uit de Synode van de Kaap Colonie te weren, geheel en al probeert.
3. Dat volgens Art. 1 van het Algemeen Kerkelijk Reglement „De Nederduitsche Hervormde Kerk bestaat uit al de Hervormde gemeenten in de Z.A. Republiek” — en dat volgens Art. 227 der Grondwet der Z.A. Republiek is „Toegelegd aan elk der leeraaren der Nederduitsche Hervormde Gemeenten een jaarlijks tractement van Rds. 3000 dat hun door het Gouvernement der Z.A. Republiek word gewaarborgd.”
4. Dat zoo eenig Leeraar van eenig District weigert te sorteeren onder het algemeen kerke-Reglement, van de Z.A. Republiek, hij

³⁾ R.407/64.

niet naar billijkheid en regt aanspraak kan maken op de tractement aan Leeraaren onder dat Reglement gewaarborgd.

5. Wat betreft de Regtvaardigheid of onregtvaardigheid, dat gelegen zoude zijn in het waarborgen of niet waarborgen van de salaris van een Predikant, dat zich niet onvoorwaardelijk vereenigde met de algemeene Kerk vergadering dezer Republiek, beschouw ik het hier niet de tijd of gelegenheid over te gewagen.

Het zoude dus wenschelijk zijn dat alle de gemeenten der Nederduitsche Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek zich onder een Reglement vereenigden, daar ik als (door de keuze des volks) van God over dit land gesteld, niet mijne goedkeuring hechten kan, aan de sorteering van eenige gemeenten der Nederduitsche Hervormde Kerk, in deze volkplanting, onder het Kerkbestuur van eene andere volkplanting, daar ik de afzondering van de gemeenten van Lijdenburg en Utrecht van de andere gemeenten der Z.A. Republiek beschouw als eene medewerking met en eene uitvloeiing van die onzalige twisten in de Synode van de Kaap Colonie bestaande, dat alleen strekken kan om alle banden van Christelijke liefde te verbreken, en de bevordering van verdere onverdraagzaamheid en vervolging ten gevolge te hebben, die naar mijn inzien de Ned. H. Kerk daar als een kanker verteeren, en de kern van alle Christelijke gevoel onder leeraren uitdoven, hetwelk ik mijn heilige pligt acht tegen te gaan.

Ik moet ook ter uwer kennis brengen dat er een besluit bestaat, genomen door de Algemeene Kerkvergadering der Z.A. Republiek dat elke gemeente onder haar sorteerende indien zij eenen Leeraar beroepen, daarvan kennis moet geven aan de Algemeene Kerkvergadering, ten einde haar advies over dien te beroepen leeraar in te winnen.

Cachet het dus vir die tweede keer 'n afwysende antwoord van die Transvaalse Regering gekry. Maar sy geaardheid was nie daarna om dit hierby te laat nie. Hy sou 'n derde keer probeer en is dan ook op 6 Desember 1864 vir die derde keer na Utrecht beroep. Al hierdie drie beroepe het onder sy voorsitterskap plaasgevind omdat hy as konsulent geageer het, maar juis hierdeur was die tweede en derde beroepe nie wettig nie, want op 24 Maart 1864 het die Natalse Ringsvergadering op voorstel van Cachet self „de gemeente Utrecht van denzelven afgescheiden” verklaar en aan Cachet self is opgedra „om, bij eene openbare gelegenheid van den Kerkeraad en Gemeente van Utrecht, uit naam des Rings afscheid te nemen.”⁴⁾ Die Ringsvergadering het Utrecht

⁴⁾ Notule Tweede Natalse Ringsvergadering art. 11 en 35. Hierdie situasie het gevolg uit die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof van 1862 wat hierop neergekom het dat daar in 'n bepaalde land waar 'n band is tussen die Kerk van die land en die Staat, die Kerk in sy organisasie ook tot die grensgebied van die Staat beperk is.

buite die Natalse Kerk geplaas omdat besef is, soos uit die notule duidelik blyk, dat hierdie gemeente omdat dit in die Suid-Afrikaanse Republiek gelê het daarom nie soos die Natalse predikante van die Natalse Goewerneur predikantsalaris kon ontvang nie, en as dit kerklik onder Natal sou val kon dit weer nie van die Transvaalse Regering so 'n predikantsalaris kry nie. Dit was reg, want van die Regering van die een land kon nie verwag word om 'n predikant onder die Regering van 'n ander land te besoldig nie. Op voorstel van Cachet is ook besluit dat „de officieele band met Lijdenburg worde losgemaakt.” Dus kon ds. Cachet as Natalse predikant vanselfsprekend nie langer as konsulent van Utrecht ageer nie, en moes die konsulentskap oorgaan aan ds. Van Heyningen van Lydenburg. Maar Cachet het sy oog op Utrecht gehad en het as konsulent en voorsitter van die kerkraad bly optree terwyl hy ds. Van Heyningen in Maart en Julie 1863 op onbehoorlike wyse as konsulent van Utrecht geweer het, en homself vir 'n tweede en derde keer daar laat beroep het. Ds. Van Heyningen van Lydenburg het anders gehandel. Hierdie gemeente het onder leiding van sy predikant die situasie besef en na 1863 nie meer afgevaardigdes na die Natalse Ringsvergaderings gestuur nie, en Lydenburg is in September 1864 op sy versoek onder Hervormde Kerkverband opgeneem en ds. Van Heyningen het as sy afgevaardigde in die Algemene Kerkvergadering sitting geneem.

Ds. Cachet het nie so gehandel nie. Hy wou na Transvaal kom om naas die bestaande Kerk 'n nuwe kerklike organisasie in die lewe te roep, en hiervoor moes hy in Utrecht begin. Maar voordat hy die derde beroep daarheen sou aanneem, wou hy nog eers weer 'n derde keer probeer dat die salaris uit die staatskas betaal sou word. Hierdie keer het hy dit nie alleen skriftelik gedoen nie, maar hy het gewag tot dat president Pretorius sy volgens die grondwet verpligte jaarlikse besoek aan die dorp Utrecht en die landdroskantoor sou bring. Dit het op 6 Desember 1864 plaasgevind en ds. Cachet het gesorg dat hy ook daar was op dieselfde dag toe hy vir die derde keer beroep is. Maar hierdie keer het hy nie begin om 'n parmantige toon aan te slaan nie, intendeel, hy het namens die kerkraad 'n nederige en onderdanige brief aan die President en Uitvoerende Raad gerig om hul op Utrecht te verwelkom en Gods seën op hul werk toe te wens.⁵⁾ In 'n ander brief het hy namens die Kerkraad aan die Uitvoerende Raad kennis gegee dat hy in Utrecht beroep is en daarom vra hy die Uitvoerende Raad om toekenning van die salaris „volgens de grondwet”. Die Uitvoerende Raad het hierop besluit

dat aan de Gemeente der Nederd. Herv. Kerk te Utrecht worde toegekend de somma van Rds. 3000 's jaars als salaris voor eene Leeraar, onder de Grondwet, aanvang te nemen zoodra zulk Leeraar zijn dienstwerk zal aanvaarden.

⁵⁾ R.1122/64.

De Uitvoerende Raad acht het zeer wenschelik dat de Gemeente Utrecht zich vereenige met de Algemeene Kerkvergadering der Z.A. Republiek, daar gezamentlike medewerking ten alle tye die meest strekken tot welzijn der Gemeenten.⁶⁾

Hierdie besluit was in sy strekking vir ds. Cachet duidelik: die Uitvoerende Raad kon „onder de Grondwet” nie aan gemeentes wat van die Staatskerk afgeskei was soos die van ds. Postma, salaris toeken nie, maar alleen wat volgens artikel 20 van die grondwet deel van die Staatskerk was, en artikel 23 het gelui: „Het volk erkent geen ander kerkelyk gezag dan dat, wat door de kerkeraden zijner Nederduitsch-Hervormde gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen of vastgesteld, volgens art. 20.” En volgens art. 227 is „toegelegd aan elk der Leeraren der Nederduitsch-Hervormde Gemeenten, een jaarlijksch tractement van Rds. 3000 dat hun door het Gouvernement van de Republiek wordt gewaarborgd.” Die Uitvoerende Raad het met die neem van hierdie besluit geen teenstelling tussen Utrecht en die Hervormde Kerk gesien nie en het daarom dan ook die toekenning gemaak „aan de Gemeente der Nederd. Herv. Kerk te Utrecht” en die wenslikheid uitgespreek dat Utrecht hom net soos Lydenburg onder die Kerkverband van die Ned. Hervormde Kerk sou laat opneem. Dan kon dit salaris kry. Maar dit wou ds. Cachet juis nie, hy wou wel salaris uit die Transvaalse staatskas, sonder dat hy tot die Transvaalse Staatskerk sou behoort. Hy het op dieselfde dag, 6 Desember, weer 'n brief aan die Uitvoerende Raad geskryf⁷⁾ en daarin gesê dat Utrecht nie 'n Ned. Hervormde gemeente was nie maar 'n Ned. Gereformeerde gemeente en dit wil bly solank dit nie met die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk verenig was nie. Met hierdie teenoormekaarstel van die name *Hervormd* en *Gereformerd* het ds. Cachet die ongelukkige naamtwis in die lewe geroep, 'n twis wat tot op die huidige dag aanhou. Dit is *hy* wat hierdie twisappel in die Transvaalse Kerk gegooi het. Tot op hierdie tydstop het hierdie twee name geen teenstelling in Transvaal gevorm nie. Hy is die vader van hierdie twis.

Verder het hy in hierdie brief die Uitvoerende Raad gevra of die woorde „onder de grondwet” waarop die predikantsalaris toegeken word, beteken dat dit toegeken word „omdat de grondwet het toekent,” of dat dit beteken dat „het salaris wordt toegekend aan een Leeraar onder de grondwet” d.i. 'n predikant wat „die artikelen vervat in de grondwet des lands a priori aanneemt als wet en regel voor zijn verigtingen als dienaar van Christus in de gemeente.” Hierdie opmerking en vraag was vitterig en het na 'n opening gesoek waardeur die Uitvoerende Raad homself sou kompromiteer sodat hy predikantsalaris uit die staatskas, maar buite die Staatskerk om kon kry. Dit het die Uit-

⁶⁾ Notule Uitvoerende Raad 6 Desember 1864, art. 11.

⁷⁾ R.1124/64.

voerende Raad geïrriteer soos blyk uit die antwoord van president Pretorius op 12 Desember aan ds. Cachet:⁸⁾

WelEdel Heer,

Bij en met advies van den Edele Uitvoerende Raad heb ik U Eerw. mede te delen in antwoord op uwe missive van 6 December 1864:

1. Dat de Uitvoerende Raad alleen de Ned. Hervormde Kerk als Staatskerk erkent, volgens Grondwet.
2. De Uitvoerende Raad is van oordeel met betrekking tot de salaris voor eenen Leeraar, zij zich duidelik en bepaald hebben uitgedrukt.
3. De Uitvoerende Raad kan niet zien, hoe dat „Een Leeraar onder de Grondwet des lands die hetzelfde a priori aanneemt zulks als wet en regel van zijne verrichtingen als dienaar van Christus in de Gemeente moet aannemen” daar zij vermeenen dat den Bijbel alleen wet en regel voor een Leeraar is.

Cachet het hierdie keer nadat hy vyf maande gelede beroep is, die beroepaangeneem. Ds. Schoon deel mee dat Ladysmith „verplicht werd om hem aan te sporen tot het nemen van een *definitief besluit*” omdat „hij zoo geschipperd heeft in betrekking tot het al of niet aannemen van dat beroep.”⁹⁾ Op 12 Maart 1865 het hy die Natalse Goewernment kennis gegee dat hy met ingang van 1 Mei as predikant van Ladysmith bedank.¹⁰⁾ Maar neurasthenies as hy was, het so 'n „grootte benauwdheid” hom oorval dat hy op 12 April aan die Goewernment geskryt het dat hy die bedanking terugtrek.¹¹⁾ Maar kort hierop het hy dit tog weer aangeneem en aan die Natalse Goewernment ontslag van Ladysmith gevra met ingang van 15 Mei.¹²⁾ Hy het sy werk toe in Utrecht gaan begin maar is daar nie bevestig nie omdat daar niemand was wat hom kon bevestig nie, want sy kerkorganisasie moes nog gestig word.

President Pretorius wou die eenheid op kerklik gebied bevorder en wou doen wat hy kon dat Utrecht net soos Lydenburg 'n paar maande te vore, ook onder die offisieel deur die grondwet erkende kerkverband ingelyf sou word, en daarom het die Uitvoerende Raad aan die Kommissie van die Algemene Kerkevergadering in die rigting geskryf. Die Voorsitter, ds. G. W. Smits van Rustenburg, het hierop die volgende brief aan die gemeente van Utrecht geskryf:¹³⁾

⁸⁾ S.S. 2699, no. 281.

⁹⁾ Ds. H. F. Schoon: *Na Vyftig Jaren* (1915), bls. 6.

¹⁰⁾ Natalse Argief C.S.O. 218 No. 537/65.

¹¹⁾ C.S.O. 219 No. 687/65. *Vijftien jaar in Z.A.*, bls. 237

¹²⁾ C.S.O. 221 No. 832/65. Dit is nie onmoontlik nie dat hy tengevolge van die brief van ds. Smits van 15 Maart gemeen het om kans te sien om tog nog as predikant van Utrecht los van die ander Transvaalse gemeentes salaris uit die Staatskas te kry.

¹³⁾ Ds. Cachet druk hierdie brief op bls. 44 van sy *Aan de Leden der Ned. Geref. Kerk in de Z.A.R.* met 'n paar onbelangrike wysigings af. Die afdruk wat hier gegee word, is letterlik van die oorspronklike.

Aan den Eerw. Kerkraad der
Nederd. Herv. Gemeente van Utrecht Z.A.R.

Rustenburg, 15.3.1865.

Eerwaarde Broeders in Christus,

Bij deze neem ik de vrijheid U Eerwaarde mede te deelen, dat er eene Commissie zitting van de Algemeene Kerkvergadering zal plaats vinden te Rustenburg D.V. op 26 Junij 1865 des voormiddags ten negen ure presies.

Ik nodig U Eerwaarde derhalve beleefdelyk uit een of meer Broeders uit uw midden af te vaardigen ten einde tezamen de belangen der Gemeenten in het algemeen als de uwen in het bijzonder te kunnen bespreken.

Ik beschouw het voor uwe Gemeente zoowel als voor ons wenschelyk dat de Broederband tusschen ons naauwer mogt worden toegehaald.

Hopende U Eerw. aan deze onze uitnoodiging zult voldoen, zoo noem ik mij na broedergroete en heilbede,

Eerw. Broeders in Christus
U Eerw. dienstw. Medebroeder
G. W. SMITS,

h.t. Praeses van de Commissie der
Algemeene Kerkvergadering.

Die Uitvoerende Raad sowel as die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wou in alle opregtheid met Utrecht tot 'n goeie verstandhouding kom. Maar toe, behalwe drie kerkraadslede, een waarvan die reeds genoemde diaken H. Loxton was, ook ds. Cachet sy verskyning op Rustenburg gemaak het, moes dit vir die Kommissie duidelik gewees het dat daar nie veel verwag kon word nie. Dit was Cachet alleen te doen om salaris vir die predikant van Utrecht uit die staatskas los te kry en hy het eers probeer om die Algemene Kommissie gunstig te stem en het selfs aan ds. Van Warmelo gevra om hom in Utrecht te gaan bevestig.¹⁴ Die aand van die 26e het ds. Cachet offisieel in die vergadering verskyn. Hy het begin met die „naamkwessie” wat hy 'n halfjaar tevore by die Uitvoerende Raad ter sprake gebring het, weer aanhangig te maak. Die naam *Hervormd* was volgens hom nie wettig nie, alleen die naam *Gereformeerd* sou reg van bestaan hê, en hy wou alleen dan met Utrecht onder die Transvaalse kerkverband opgeneem word as die Kerk sy naam *Hervormd* in *Gereformeerd* sou verander. Hy het toe blykbaar vergeet dat hy met sy legitimasie op November in Kaapstad 'n formulier onderteken het waarin hy „tot de openbare predikdienst in de Hervormde Kerk geadmitteerd” belooft het om „aan de verordeningen door de Synode der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika”

¹⁴) *De Transvaal Argus*, 4 Des. 1867, waar ds. Van Warmelo dit meedeel.

hom te sal hou; blykbaar het hy vergeet hoe hy in 'n brief op 3 Februarie 1862 aan die Staatspresident homself „waarnemend Consulent der Nederduitsche Hervormde Gemeente te Utrecht” genoem het. Verder het hy beweer dat dit in vroeëre dae aan Utrecht toegestaan was om kerklik los van die res van die Republiek staan sodat die gemeente, al was dit independent, tog reg sou hê op salaris van staatsweë, maar hy kon die gevraagde bewys nie lewer nie, ook nie later nie.

Ds. Cachet se groot aanvalspunt op die Hervormde Kerk was die feit dat die belydenis van die Kerk in daardie dae nie in die Kerkwet voorgekom het nie. Maar dit is heeltemal verstaanbaar waarom dit die geval was. Die eerste Kerkwet wat deur die Volksraad goedgekeur is, het in 1862 verskyn.¹⁵⁾ By die opstelling daarvan is die Kerkwet van die Ned. Gereformeerde Kerk van die Kaapkolonie wat in die jare 1857—1862 van krag was, as leidraad gevolg. Maar daarin het die belydenis ook nie voorgekom nie! In hierdie Kaapse Kerkwet word die belydenis ook nie by name genoem nie en kom die ondertkeningsformulier wat gebruik is, ook nie voor nie, en vandaar dat dit in die Transvaalse Kerklike Reglemente van 1862 ook ontbreek. Maar op die vraag *wat* die belydenis van die Kerk was, het daar geen twyfel bestaan nie. Die Kaapse Kerkwet was 'n „schedule” van Ordonnansie no. 7 van 1843 deur die Kaapse Goewerneur op 8 November 1843 uitgevaardig en daarin was die belydenis omskryf as „de leerstellingen vervat in de Geloofsbelijdenis van de Synode van Dordrecht en in den Heidelbergse Catechismus”, terwyl wat Transvaal aanbetref, in artikel 20 van die Grondwet van die land bepaal was: „Het volk wil zijne Nederduitsch-Hervormde Godsdienst leer, zooals deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode te Dordrecht is vastgesteld, in hare grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch-Hervormde Kerk zal de Kerk van den Staat zijn.” Niemand het dan ook op daardie tydstip dit nodig geag om wat in die Kaapse Kerkwet vasgelê was in die ordonnansie wat 'n landswet was, te herhaal wat die belydenis van die Kerk was en net so min in die Transvaalse Kerklike Reglemente te herhaal wat in die Grondwet bepaal was. Twyfel was daar nie. En die Kommissie van die Algemene Vergadering het hom tydens die verskyning van ds. Cachet volkome tereg met die woorde van die Skriba, ds. N. J. van Warmelo, vereenselwig toe hy aan ds. Cachet geantwoord het „dat hij zich wel wachten zal die belijdenis nu in de wet te brengen,” nie „nu” tengevolge van die beskuldigings van ds. Cachet nie, want dit sou 'n erkenning beteken dat hy gelyk gehad het. Dieselfde was die geval met die legitimasie van die Transvaalse predikante. Hulle was algar uit Nederland afkomstig en het *daar* die proponentsformule onderteken, terwyl ds. Van der Hoff, ds. Begemann en ds. Smits in die Kaap ook nog dieselfde formule onderteken het as wat ds. Cachet na hulle

¹⁵⁾ Dit is afgedruk in *S.A. Argiefstukke Transvaal No. 4, Volksraadsnotule 1859—1863*, bls. 582—608.

op 28 November 1862 onderteken het en waarin verklaar is dat hulle „van harte gelooven dat de artikelen en Stukken der Leer, in de Belijdenis en Catechismus” met Gods Woord ooreenkom. Toe die Kaapse Sinode op 16 Oktober 1863 die legitimasië van di. Van der Hoff, Begemann en Smits ingetrek het omdat hulle onder die selfstandige Transvaalse kerkverband gestaan het, het vir hulle alleen die ondertekening van Holland oorgebly. Na die koms van ds. N. J. van Warmelo moes die Hervormde Kerk in Transvaal sy predikante self gaan legitimeer en in hierdie sitting van die Algemene Kommissie was dan ook 'n beskrywingspunt, no. 10, om 'n nuwe reglement op die vakature saam te stel waaronder die legitimasië geval het, en dit voor die volgende Algemene Kerkvergadering te lê, wat ook gedoen is. Maar tereg het dit Algemene Kommissie geweier om op staande voet die bevel uit te voer van ds. Cachet wat hom as groot inkwisiëter gedra het.

Ds. Cachet het nog 'n ander voorwaarde gestel waaraan voldoen moes word voordat hy hom in die Hervormde Kerkverband sou laat opneem, en dit was dat die band wat daar tussen die Kerk en die Staat was, verbreek moes word. Sy dubbelsinnigheid tree hierby weer skerp na vore. In die Kaap en in Natal was die Kerk veel meer aan die landsowerheid gebonde as in Transvaal, en hy was met die Kaapse en Natalse toestande tevrede. In daardie twee Britse kolonies moes die Britse Goewerneur die predikante eers aanstel voordat hul bevestig kon word. In Transvaal het so iets nie bestaan nie. Ds. Cachet is self deur die Natalse Goewerment as predikant van Ladysmith aangestel terwyl hy nog lid van die Skotse Kerk was en gebly het, en nie beroepbaar in die Ned. Geref. Kerk was nie. So iets was in Transvaal nie moontlik nie. Al band wat daar in Transvaal tussen Kerk en Staat was, was dat die Hervormde Kerk die enige Kerk was wat officieel deur die Staat erken is en waarvan die predikante gesalarieer is deur die Staat, en waarvan die Grondwet geëis het dat dit net soos die landsowerheid nie aan 'n buitelandse gesag onderworpe mag wees nie. En dit het Cachet juis dwars gesit. Net so min as wat hy vir die vryheid en die onafhanklikheid van die Staat iets gevoel het, net so min het hy iets vir die onafhanklikheid van die Transvaalse Kerk gevoel. Sy ideaal was 'n onderworpenheid aan die Britse gesag, ook op kerklik gebied. Behalwe 'n naamkwessie wat hy as slagspreuk teen die Hervormde Kerk kon gebruik, het hy ook nog effens probeer om 'n „Gesangekwessie” te boetseer, maar dit het nie geslaag nie. want hy het self Gesange in die openbare eredienste laat sing! Hy het laat deurskemer dat hy wel bereid was om hom provisiëneel met die Hervormde Kerk te verenig, waarskynlik met die oog op 'n salaris uit die staatskas, maar daarvoor was die Algemene Kommissie nie te vinde nie. Cachet het uiteindelik met sy afgevaardigdes vertrek, en die Kommissie het die Algemene Vergadering vir 20 November 1865 te Pretoria saamgeroep waar hy weer aanwesig sou wees.

Op hierdie vergadering was ds. Cachet weer die neurasthenikus, die quaerulant. Op Pretoria, destyds nog maar 'n klein dorpie, kon hy nie losies kry wat vir hom goed genoeg was nie, waarop hy hom tot die plaaslike predikant, ds. Begemann, gewend het wat hom gasvryheid aangebied het. Maar toe hy die volgende dag ook die ander Hervormde predikante daar ontmoet, het hy so opgestuif dat hy die pastorie liewer dadelik verlaat het en na die tent van die Lydenburgse afgevaardigde, ouderling Fourie, gegaan het, waar hy „eerst een onderkomen” gevind het, „doch er kwamen later in de tent zoovele menschen” dat hy dit daar ook „niet kon uithouden” en die dag „zonder eten” rondgeswerf het. In die aand het hy by 'n Engelse onderwyser, 'n sekere Jackson, om nagverblyf aangeklop. Deur sy onrustigheid en nerveusheid was hy so koorsig dat hy in die middel van die nag die huis van Jackson „ijlhoofdig” verlaat het en langs die wa van die Lydenburgse afgevaardigde gaan sit het totdat dit lig geword het. Hy het hierdeur so siek geword dat hy nie op daardie dag in die vergadering kon kom nie, maar eers 'n paar dae later.¹⁶⁾

Die optrede van ds. Cachet in die Algemene Kerkvergadering was nog erger as in die Algemene Kommissie van 'n paar maande te vore. Hy het weer begin om as beskuldiger op te tree. Die naam van die Kerk was onwettig, Hervormd is gelyk aan liberaal, Gereformeerd is gelyk aan ortodoks en het alleen reg van bestaan, en hoewel hy nie lid van die Vergadering was nie, het hy voorgestel om die naam van die Kerk van Ned. Hervormd in Ned. Gereformeerd te verander. Die vergadering het sy voorstel toegelaat, maar dit tegelyk ook met algemene stemme verwerp, en netso met algemene stemme 'n voorstel aangeneem „aangezien alhier de woorden Ned. Hervormd en Ned. Gereformeerd van eene en dezelfde betekenis zijn, zoo besluit de Vergadering, om zich te houden aan den naam Ned. Hervormd.” Daarna het hy oor die belydenis gehandel en begin om ds. N. J. van Warmelo wat nie aanwesig was nie, verdag te maak omdat hy nie aan die Kaap gelegitimeer was nie.¹⁷⁾ En nadat hy „op allerlei wijze had zoeken te bewijzen dat hier te lande een onbepaalde leervrijheid bestaat voor de Predikanten en na honderd maal herhaalde poging om door het aanhalen van de woorden liberale Hervormde Kerk, liberale Predikanten en liberale leer de Vergadering onder zijn invloed te brengen” het hy 'n voorstel gemaak wat hierop neergekom het dat die vergadering op staande voet die Vrystaatse ondertekeningsformulier moes aanneem, maar dit is met algemene stemme verwerp,¹⁸⁾ waarop met algemene stemme besluit is: „De vergadering berust in het antwoord van den Predikant van Rustenburg, met in antwoord op de vraag van ds. Cachet

¹⁶⁾ F. Lion Cachet: *Vijftien jaar in Zuid-Afrika*, deel II, bls. 36—37.

¹⁷⁾ Sien oor die weiering om hom aan die Kaap te legitimeer, S. P. Engelbrecht: Ds. N. J. van Warmelo, in *Almanak Ned. Herv. Kerk* 1943, bls. 55—66.

¹⁸⁾ *Staatscourant*, 5 Des. 1865, bls. 1.

naar de belijdenis onzer Kerk te verwijzen naar Art. 7 Nederlandsche Geloofsbelijdenis." Hy het die vergadering verlaat nadat hy gesê het dat hy die hele Republiek sal deurreis en suiwer Gereformeerde Gemeentes sal oprig „aangezien hij de eenige zuivere Ned. Gereformeerde predikant hier te lande is." Maar, die vraag kom by mens op as die Hervormde Kerk so bedorwe was, waarom moes ds. Cachet nuwe gemeentes gaan stig en 'n nuwe kerk gaan oprig? Waarom het hy hom nie by die Gereformeerde Kerk gevoeg nie en aansluiting by ds. D. Postma van Rustenburg gesoek nie? Want hierdie Kerk was volgens hom tog nie bedorwe nie.

Die Hervormde Kerk het rustig sy gang gegaan. Die reglement op die vakatures is deur die Algemene Kerkvergadering aangeneem en waar die Kerk besluit het om voortaan self sy predikante te legitimeer is in Februarie 1866 'n ondertekeningsformulier vasgestel, wat deur ds. Van der Hoff en ds. Begemann ontwerp is en wat in die vergadering deur al die diensdoende predikante onderteken is, en ook deur die predikante wat daarna ingekom het. Hierdie ondertekeningsformulier is vandag nog in gebruik :

„Wij ondergeteekenden, predikanten van de Nederduitsch Hervormde Kerk, verklaren in goeden gemoede, de leer welke overeenkomstig Gods Heilig Woord vervat is in de formulieren van Eenigheid der Nederduitsch Hervormde Kerk, n.l. de Nederlandsche Geloofsbelijdenis, den Heidelbergschen Catechismus en de Dordtsche leerregelen, hartelijk te omhelzen en getrouw te zullen leeren, belovende ons in alles overeenkomstig onze kerkelijke reglementen stiptelijk te zullen gedragen, ons onderwerpende aan het oordeel der bevoegde kerkelijke besturen alhier, indien daartegen door ons mocht gehandeld worden. De ondertekenaar van deze formule verklaart door zijne handteekening, dat hij de leer, die in bovengenoemde formulieren vervat is, gelooft overeenkomstig Gods Woord te zijn."

DIE AFSKEIDING ONDER DS. CACHET.

Ds. Cachet het van Pretoria na Utrecht gegaan waar hy nog in Desembermaand 'n brosjure van 51 bladsye geskryf het waarvan die volledige titel was: „*Aan de leden der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek, en voorts aan allen die de Gereformeerde Kerk liefhebben, wordt het navolgende verslag der handelingen van de Gemeente Utrecht, in de zaak der voorgestelde vereeniging dier gemeente met de dusgenoemde „Hervormde Gemeenten" in de Republiek, ter lezing en overweging, aangeboden namens den Kerkraad en de Gemeente der Nederduitsch Gereformeerde Kerk te Utrecht, door F. Lion Cachet, predikant te Utrecht.*" Dit het in 1866 in druk verskyn en is die bitterste strydskrif wat daar ooit op kerkelike gebied in Suid-

Afrika die lig gesien het en bowendien nog vol onjuishede. Op die Hervormde Kerk van Nederland het hy die woorde van Openbaring 22 vers 11 „die vuil is dat hij nog vuil worde” toegepas, en van die Transvaalse Hervormde Kerk het hy gesê „het einde moet zijn dat de Hervormde Kerk in de Republiek in alle opzichten in de verderfelijke voetstappen wandelt van hare afgewekene en nog dagelike afwijkende moeder — de Hervormde Kerk in Holland.” En daarom het hy sy lesers toegeroep „*Ontwaakt*, om lid te zijn der liberale Hervormde Kerk moet gij eerst ontrouw worden aan uwe belijdenis belofte.” Die optrede van ds. Cachet om verdagmaking en twis te saai het gemaak dat ds. N. J. van Warmelo hom op die Algemene Kerkvergadering van Februarie 1866 „iemand van een laag en dubbelhartig karakter” genoem het.

Die jaar 1866 was sy groot veldtogsjaar om die land deur te reis en skeurgemeentes op te rig. Hy het begin om na Lydenburg te gaan, waar hy die pas vertrokke predikant ds. P. A. C. van Heyningen in verdenking by die gemeente gebring het, selfs wat sy geldelike administrasie aanbetref. Cachet was welbespraak en het geslaag om deur verdagmaking die grootste deel van die Lydenburgers agter hom te kry en het na aanleiding daarvan geskryf „Lijdenburg gewonnen was veel gewonnen.”¹⁹⁾

Op 22 Junie het hy by die Uitvoerende Raad skriftelik drie beskuldigings teen die Hervormde Kerk ingebring:

1. Dit is nie die ou Gereformeerde Kerk van die land nie.
2. Dit voldoen nie aan die gees van die eis van artikels 20 en 22 van die Grondwet nie.
3. Die dusgenoemde Hervormde Kerk in die land is soos dit nou bestaan gevaarlik vir die rus, die welvaart en die vrede van die Republiek, ja dit bring die welvaart van die Republiek in gevaar.

Die Uitvoerende Raad het op 4 September hierdie brief aan die Algemene Kerkvergadering deurgestuur, waarop die voorsitter en skriba die volgende geantwoord het en wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is:²⁰⁾

Pretoria, 24 September 1866.

Aan den HoogEd. President en Leden van den
Uitvoerende Raad Z.A. Republiek.

Hoog-Ed. Heeren!

Gezien hebbende een brief van den heer F. Lion Cachet gericht aan U Hoog-Ed. dato 22 Juny, 1866, en van welken brief door U Hoog-Ed. copy is gezonden aan den Scriba der Synode alhier, zoo nemen wij ondergeteekenden bij dezen de vrijheid U

¹⁹⁾ *Vijftien jaar*, deel II, bls. 79.

²⁰⁾ R.987/66.

Hoog-Ed. eenige aanmerkingen aangaande gemeld *stuk* en gemelden *persoon* mede te deelen.

De Heer F. Lion Cachet beschuldigt op den 22 Juny, 1866, ten *eersten* de dus genoemde Hervormde Kerk in dit land van niet te zijn de oude zuivere Gereformeerde Kerk des lands.

Waarschijnlijk grondt hij zich op de handelingen der Algemeene Kerkvergadering, gehouden te Pretoria, 20 November 1865, en volgende dagen, waarbij de vergadering besloten heeft om niet dadelijk op voorstel van F. Lion Cachet, het oude Dortsche formulier door de Predikanten alhier te laten teekenen, doch werd aldaar eene Commissie benoemd om een formulier op te stellen, hetwelk in overweging is genomen op de Algemeene Kerkvergadering, gehouden te Potchefstroom, 26 February, 1866, en volgende dagen, op welke vergadering het Kaapsche Synodale legitimatie formulier voor verbindend is verklaard en door al de Predikanten is geteekend geworden. Het dan dus niet als eene beschuldiging tegen de Hervormde Predikanten worden aangemerkt, doch volgens ons bescheiden oordeel beschuldigt de heer F. Lion Cachet de Staats-Kerk, de Hervormde Kerk van dit land, en wat is de Hervormde Kerk? het is de vereeniging van allen die tot dezelve behooren.

Ten *tweeden* beschuldigt de heer Cachet de Hervormde Kerk niet te voldoen aan den geest van den eisch van Art. 20 tot Art. 22 der Grondwet.

Wat zijn bedoeling daarmede is, kunnen wij niet begrijpen, daar wij meenen in alles volkomen aan die artikels te beantwoorden en zouden wij wel gaarne willen weten of de Grondwet in den letter of geest moet genomen worden? Is dit laatste het geval, dan zullen vele artikelen voor zeer dubbelzinnige en verschillende uitlegging vatbaar zijn.

Ten *derden* beschuldigt F. Lion Cachet, dat de aldus genoemde Hervormde Kerk in dit land, zooals zij nu bestaat, gevaarlijk is voor de rust, welvaart en vrede van de Republiek, ja de welvaart der Republiek in gevaar brengt.

Hoog-Ed. Heeren, het is eene grove beschuldiging door hem ingebracht, tegen de Kerk, welke door den Staat niet alleen bezoldigd, maar ook beschermd wordt.

Het is eene beschuldiging, waardoor wordt te kennen gegeven, dat het Gouvernement in zijn eigen boezem menschen voedt en toelaat, die *rustverstoorders zijn* en de rust en welvaart van den Staat in gevaar brengen, waarvoor toch immer door het bestuur des lands moet gewaakt worden.

Het is eene beschuldiging waardoor de hoofden der Kerk strafbaar worden, niet alleen volgens de burgerlijke wetten des lands, maar ook volgens de kerkelijke wetten, gesanctioneerd door den Hoog-Ed. Aichtb. Volksraad, Art. 12, bladzijde 3. Het is

eene beschuldiging ingebracht tegen U Hoog-Ed. als zoude U Hoog-Ed. ontrouw zijn aan den door U afgelegden eed, door niet te bevorderen den bloei en welvaart van land en volk, waarover Gij als regeerder gesteld zijt. Hoog-Ed. Heeren wij wagen het niet U Hoog-Ed. raad te geven wat in dezen te doen, doch willen alleen opmerken, dat indien de Heer Lion Cachet zulk eene vrij-spraak ongehinderd voeren kan en door zijne spitsvondigheden enkelen kan overwinnen, dan zal het niet lang duren of ons land en volk zal wederom beroerd worden; twist en tweedragt zal ontstaan, waar tot nu toe vrede geheerscht heeft. En wat zal het einde zijn? Bloed en tranen over de *Kerk* evenals voor weinige jaren, bloed en tranen om de *politiek*.

Wij veroorloven ons deze laatste opmerking ten gevolge van uitdrukkingen, welke, naar wij vernomen hebben, door den heer Cachet zouden gebruikt zijn.

Wat den persoon van den heer Cachet betreft, is het onze bescheiden meening, dat de derde beschuldiging veel meer op hem zelven toepasselijk is; — want wie is de heer Cachet; van waar komt hij? — is hij op eene wettige wijze als Predikant beroepen? Voldoet hij aan art. 23 der Grondwet? Hij is nog nimmer door de Kerkvergadering goedgekeurd, alleen op zijn verzoek erkend als Predikant en afgevaardigde der zelfstandige Nederd. Geref. Kerk te Utrecht.

Wat zijn zijne handelingen tot hertoe geweest? Alleen rond-reizen om de verschillende gemeenten te beroeren en op te zetten tegen hunne Leeraaren; alsmede Kerkeraadsliden stukken van af-keuring en ontkenning te laten teekenen, welke zij kort tevoren door hunne eigene handtekening hadden goedgekeurd en bevestigd, gelijk bewezen kan worden door documenten, zich in onze handen bevindende, waarvan wij elk oogenblik gereed zijn behoorlijk door den Landdrost van Pretoria gecertificeerde copyen over te leggen.

De heer Cachet beroept zich op 8 verschillende Gemeenten welke op de Algemeene Kerkvergadering der Nederd. Geref. Kerk van Lijdenburg en Utrecht, den 4den December, 1866, zullen vertegenwoordigd worden, en alwaar zijne Kerkelijke wetten zullen worden vastgesteld; doch Hoog-Ed. Heeren wij vragen: zijn het acht gemeenten of slechts een klein aantal personen, wonende in acht verschillende districten die den heer Cachet volgen?

Zoude het ook niet mogelijk zijn, dat de heer Lion Cachet uit de Independenten Kerk van Schotland, waartoe hij behoord heeft, begrippen in onze Kerk wil overbrengen, die ten eenenmale onverenigbaar zijn met die van de Hervormde Kerk, doch wel overeenkomen met de hier in dit land bestaande Gereformeerde Kerk van Ds. Postma? Ons komt het voor van ja! want op de Commissie

zitting te Rustenburg den 26 Juny, 1865, heeft de heer Cachet als eene voorwaarde van vereeniging gesteld, dat er maatregelen moeten genomen worden, om de Kerk van de Burgerlijke Regering los te maken. (Zie Staatscourant no. 119; ook de brochure door Lion Cachet in het licht gegeven, pag. 35, met de aanhaling onder aan de bladzijde). Ware zulks het geval, dan zou het reeds genoeg zijn, om ons land en volk in beroering te brengen.

Ziedaar Hoog-Ed. Heeren, eenige aanmerkingen omtrent de verschijning en werkzaamheid van den heer Lion Cachet in de Republiek.

Wij vertrouwen, dat de gegevene bedenkingen door U overeenkomstig de waarheid zullen bevonden worden, en de wijze waarop de heer Cachet zich heeft geopenbaard. Naar ons oordeel, is de *praktijk*, welke de heer Cachet in beoefening brengt, hoogste gevaarlijk voor de rust en welvaart van den Staat. Daarom wenschen wij U Hoog-Ed. te verzekeren van onzen ernstigen toeleeg om de levenskracht, welke behoort uit te gaan van de Kerk en hare belijdenis, te doen dienen tot handhaving van Overheid en Grondwet.

Moge de Allerhoogste U Hoogs-Eds. ondersteuning daarvan rijkelijk zegenen, om zowel door gestrengheid als regtvaardigheid onze wet ens ons volksbestaan te handhaven.

Met betuiging van eerbied, hebben wij de eer ons te noemen, Hoog-Ed. Heeren.

U Hoog-Ed. Onderdanige Dienaren,
G. W. SMITS, *Predikant en Praeses*
van de Algem. Kerkverg. Z.A. Republiek.
A. J. BEGEMANN, *Predikant en Scriba*
der Kerkvergadering voornoemd.

Cachet was van 4 September tot 27 September 1866 op Pretoria, waar hy die Volksraad probeer beïnvloed het om hom salaris uit die Staatskas toe te ken, en op 14 September het hy 'n memorie in die voege ingedien wat hy ook laat druk het en onder die Volksraadslede versprei het. Die Volksraad het hom toegestaan om in sy vergadering te kom en die saak voor te dra. Dit het op 14 September geskied en het die hele dag geduur want hy het weer net soos op die Algemene Kerkvergadering eindelose lang toesprake gehou waarin hy die Hervormde Kerk verdag gemaak het en oor die onwettigheid van die naam Hervormd beduie het, en beweer het dat die Uitvoerende Raad in Desember 1864 aan Utrecht predikantsalaris sou toegeken het. Die Volksraad het toe 'n kommissie van drie lede benoem wat bestaan het uit advokaat B. C. E. Proes, J. J. Malan en J. R. Lys om grondig op die saak in te gaan en te rapporteer. Dit was 'n onpartydige kommissie, alleen Proes was lid van die Hervormde Kerk, terwyl Malan lid was

van die (enkel) Gereformeerde Kerk en Lys van die Engelse Kerk. Die Kommissie het alle stukke nagegaan waaronder veral die notule en die in- en uitgaande korrespondensie van die Uitvoerende Raad, en het op 24 September aan die Volksraad gerapporteer dat die Uitvoerende Raad nooit aan Cachet 'n salaris toegeken het nie en dat hy daar ook geen reg op had nie, en verder dat as die bevolking van die Republiek die naam Hervormd in Gereformerd wil verander, hulle hul volgens voorskrifte van die Grondwet per memorie tot die Uitvoerende Raad moet wend. Die Volksraad het hierdie rapport goedgekeur en daaraan toegevoeg

dat geene gemeente in deze Republiek, die zich afscheidt of niet is vereenigd met de Staatskerk zooals vervat in art. 23 der Grondwet eenige aanspraak kan maken voor salaris op het Gouvernement dezer Republiek.

Die Volksraad het dus hiermee verklaar dat die Kerk van Cachet nie die historiese Kerk van die land is nie maar 'n afgeskeie Kerk.²¹⁾ Die aanvalle wat Cachet voor die Volksraad teen die Hervormde Kerk gemaak het, het as gevolg gehad dat op 19 September 1866 uit Rustenburg 'n memorie aan die Uitvoerende Raad gestuur is waarvan oud-ouderling P. J. van Staden wat reeds in 1841 ouderling in Transvaal was, die eerste ondertekenaar was. Die memorialiste het hulle afkeuring daarvoor uitgespreek dat Cachet die Hervormde Kerk so „veracht en schandelijk en listig tegenwerkt” en probeer „om geestelijke zaken tot polletieke zaken te verdraaijen” waardeur hy 'n swaard oor die land sal bring. Hulle het ook gesê dat vandat hulle die Kaap-kolonie verlaat het die Kerk „geen andere naam hat dan Nederduyts hervormde Kerk”. Hulle het president Pretorius verder versoek om oor die Grondwet te waak en as daar by die opstelling daarvan „gaten in gebleven is waar inkruypers uit en in kan kruyp” aan die Volksraad te vra om dit so spoedig moontlik toe te stop.

Van Pretoria is Cachet na Hartebeestfontein in die distrik Potchefstroom. Daar het 'n groepie mense gewoon, 'n vyf-en-sewentig in getal, wat kerklik deur ds. H. van Broekhuizen van Winburg bedien is. In Februarie 1866 was ds. Van Broekhuizen en ds. Smits van Rustenburg daar, en toe is die mense onder hulle leiding as 'n selfstandige gemeente van die Ned. Hervormde Kerk opgeneem met ds. Smits as konsulent. Cachet het met behulp van 'n seker Jean Mabile²²⁾ wat daar gewoon het, die mense bymekaar gemaak en 'n byeenkoms gehou waar iedereen wat dit wou bywoon vooraf sy naam moes teken en verklaar dat hy die optrede van ds. Cachet reeds vooraf goedkeur. Die mense wat dit nie wou doen nie is nie in die vergadering toegelaat nie.

²¹⁾ Notule van die Volksraad Sept. 1866 arts. 39—67, 339—341.

²²⁾ Jean Mabile is in 1838 in Kaapstad gebore en het in later jare na Transvaal verhuis en op Hartebeestfontein as landbouer en agent opgetree. Op 11 Februarie 1877 het hy verongeluk. Hy het toe weinig of niks besit nie.

Die kiesheid verbied om alles wat op hierdie vergadering gesê is en waarvan Cachet beskuldig is, mee te deel.²³⁾ Hy het dit reg gekry om die mense daar in twee kampe te verdeel en 'n Ned. Gereformeerde gemeente te stig wat op al die eiendomme van die Hervormde gemeente beslag wou lê, waarop 'n hofsaak gevolg het met die uitslag dat Cachet se aanhangers dit verloor het en die hofkoste moes betaal. Hy het daarin geslaag om op verskeie plekke in die land gemeentetjies te stig wat hy op 3 Desember 1866 te Utrecht as die Ned. Gereformeerde Kerk van die Republiek georganiseer het. So is naas die Ned. Hervormde Kerk, die Staatskerk van die land waaraan verreweg die oorgroot meerderheid van die bevolking getrou gebly het, en naas die Gereformeerde Kerk van ds. Postma 'n derde Kerk in die Republiek opgerig, wat homself tot die „moederkerk” gepromoveer het, en wat hom tot doel gestel het soveel as moontlik proseliete uit die Hervormde Kerk te maak en daarom op sy eerste Algemene Kerkvergadering besluit het „dat de deur onzer Kerk zoo wijd als mogelijk geopend is voor de leden der Ned. Hervormde Kerk die getrouw willen blijven aan hun Moeder-Kerk.”²⁴⁾

Ds. Cachet se optrede het in teenstelling met die van ds. Postma groot bitterheid onder die mense gebring. Op een van sy propaganda-reise in 1868 om te probeer om in Mariko se wêreld ook 'n gemeente te stig, het kommandant Jan Viljoen probeer om hom te belet om sy kerkskeuring ook daar te bring. Maar Cachet het geantwoord: „Jan Viljoen is gek. Ik zal kerk houden waar ik wil.” En toe Viljoen persoonlik by Cachet gekom het, het daar 'n woordewisseling gekom wat daarop uitgeloop het dat Viljoen hom met die sambok twee houe oor die linker skouer gegee het.²⁵⁾

DS. CACHET SE VERBLYF IN UTRECHT.

Behalwe die kerlike moeilikhede wat hy gegee het, het Cachet hom in die jare van sy verblyf in Transvaal in 1865—1873 'n vyand betoon van die Republiek waarvan hy die grondslae dan ook ondermyn het. Aan die landswette het hy hom nie altyd gesteun nie en die owerheid het hy meermale met minagting behandel.

Een van die venynige beskuldigings teen die Boere in die negentiende eeu was dat hulle die inboorlinge nie alleen sou onderdruk nie, maar selfs slawerny toegelaat het. Dit was 'n ernstige beskuldiging want as dit waar sou gewees het, dan sou dit volkome met art. 4 van die Sandriviertraktaat in stryd gewees het en sou Engeland binne sy

²³⁾ Die wat dit wil weet word verwys na die briewe van die *Transvaal Argus* van 16 Okt., 23 Okt. en 6 Nov. 1866. Veral na die brief van H. C. W. Vermaas Hz. in die van 23 Oktober.

²⁴⁾ *Handelingen der Algemeene Kerkvergadering der Ned. Geref. Kerk in de Z.A.R.* 1866, bls. 30.

²⁵⁾ S. P. Engelbrecht: *Die Ned. Herv. Gemeente Zeerust 1871-1946*, bls. 11-13.

regte, ja, selfs verplig gewees het om aan die bestaan van die Republiek 'n einde te maak. Maar nieteenstaande al die beskuldiging van slawerny kon daar nooit iets bewys word nie, en waar Engeland tot twee keer met Transvaal in oorlog was, is slawerny van die naturelle dan ook geen een van die twee kere as 'n *casus belli* genoem nie. Die inboekstelsel is meermale 'n bedekte vorm van slawerny genoem, maar heeltemal ten onregte, want dit was in daardie dae 'n noodsaaklik iets wat ook deur die Engelse regerings toegepas is.¹⁾ Onder die beskuldigers van die Voortrekkers dat hulle slawerny toegelaat het, was ds. P. Huet, die gevoelsmens wat so dikwels sy kop met hom laat weghol het. Met die boerebevolking in die binnelande het hy nie veel opgehad nie soos blyk uit sy reisbeskrywings wat in 1858 en 1859 in die tydskrif *Elpis* opgeneem is. Dit het ergernis gegee net soos sy brosjure van 1860 *Eén Kudde en Eén Herder* wat vol beskuldigings is, en wat soos ds. H. F. Schoon meedeel, deur baie mense gewoonweg in die vuur gegooi is. Huet was iemand, soos ds. Schoon dit uitdruk „die zich door eerste indrukken liet wegsleepen en wel eens door den schijn bedrogen werd.”²⁾ Hy en ds. Cachet het in Natal saam die lasterveldtog teen die Transvaalse Boere gevoer en na die vertrek van ds. Huet na Nederland in 1867 het ds. Cachet dit voortgesit, tot sy vertrek in 1873. In 1869 het ds. Huet se berugte brosjure *Het lot der zwarten in Transvaal*³⁾ verskyn met die doel, soos op bls. 13 gesê word, om die Engelse Goewerment te beweeg „het gezag van de Hollandsche Republieken in handen te nemen,” wat hy 'n „wedaad” sou noem, net soos wat ds. Cachet dit in sy *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* op bls. 138 „een zegen” noem dat die Engelse in 1806 die bestuur van die Kaapkolonie vir goed in hande gekry het. Huet en Cachet het in hierdie opsig tot dieselfde skool behoort. Op bls. 60 van sy *Het Lot der Zwarten* skryf ds. Huet hoe Cachet aan hom verklaar het dat hy „slechts een zeer gering deel gezegd had van wat er te dien opzichte te zeggen viel en verhaalde mij o.a. voorbeelden van castratie door Boeren op Kafferjongetjes gepleegd, met het doel om hen langer in dienst te houden.”⁴⁾

In September 1869 het president Pretorius met sy besoek aan

¹⁾ Dr. W. J. Leyds: *De Eerste Annexatie van Transvaal* (Amsterdam 1906) register *in voce*. Sien verder die brief van prof. D. Postma oor die inboekstelsel en beweerde slawerny wat ook in hierdie uitgawe gepubliseer word.

²⁾ H. F. Schoon: *Ds. Huet in Gereformeerde Maandblad*, April 1907, bls. 55—57.

³⁾ Ds. Schoon sê op bls. 56 van die *Gerej. Maandblad*, 1907, van die twee brosjures *Eén Kudde en één Herder* en *Het Lot der Zwarten*: Beide deze pennevruchte hebben destijds veel aanstoot gegeven; en als ik mij niet vergis, zal de schrijver, nadat hij meer ondervinding had opgedaan, wel spijt gehad hebben dat hij ze de wereld had ingezonden.”

⁴⁾ Huet noem nie die naam van Cachet nie maar noem hom „een geachte Predikant, sedert mijn vertrek langen tijd in Transvaal werkzaam.” Vir *iedereen* wat op die hoogte is, is dit duidelik dat *niemand anders* as Cachet bedoel is nie.

Utrecht hom heftig teen Huet en Cachet uitgelaat oor die wyse waarop hulle die Republiek belaster.⁵⁾

Op die derde Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Transvaal wat in Desember 1868 gehou is, het ds. Cachet 'n beskrywingspunt ingedien na aanleiding van wat „in Koloniale en buitensche bladen en tijdschriften” so baie geskryf word „omtrent slavernij en verdrukking van inboorlingen in de Republiek heerschende” om die Regering te vra om dit te ondersoek en dat die skuldiges gestraf en die onskuldiges van hierdie blaam gesuiwer kan word.⁶⁾ Hy het onomwonde verklaar „Hij voor zich twijfelt niet aan de waarheid van vele der gemaakte beschuldigingen, doch wenscht daarover nu niet te spreken.” Die vergadering het toe 'n besluit in die gees van die beskrywingspunt aangeneem. Op die vierde Algemene Kerkvergadering van November 1869 het Cachet weer 'n beskrywingspunt ingedien waarin verklaar word „dat de bestaande landswetten eene doode letter zijn” en dat kerklike strawwe opgelê moet word aan die gemeentelede wat hul skuldig maak „aan het koopen, verkoopen, ruilen of verruilen, geven of ontvangen van Kafferkinders.” Hy wou hierdie kwaad „met wortel en tak” uitroei en het voorgestel om dit as voorstel voor die verskillende kerkrade te lê „om advies.”⁷⁾ Dit is gedoen, en wat was die resultaat? Toe die antwoorde van die verskillende kerkrade op die vyfde Algemene Kerkvergadering van April 1872 voorgelê is, blyk daaruit dat dit nie meer nodig was om kerklike strawwe op slawehandel te lê nie want die „smet” was feitlik weggeeneem.⁸⁾ As dit so 'n ingewortelde kwaad was wat altyd onder die Transvalers sou bestaan het, is dit eienaardig dat dit tengevolge van Cachet se beskrywingspunt so skielik verdwyn het. Nee, die waarheid is dat toe Cachet se beskuldigings deur sy eie mense ondersoek is, dit vals geblyk het.

In 1869 het in Utrecht 'n groot twis uitgebreek tussen ds. Cachet en landdros Van Yperen. Die twis was reeds geruime tyd smeulende maar het losgebars deur Cachet se opruiery en beskuldigings van slawerny in verband met twee kaffermeide Clara en Rosa. Clara was 'n hubare meid wat by Van Yperen as diensbode ingeboek was. Sy

⁵⁾ *Natal Mercury*, 23 Okt. 1869. Op 7 Maart 1869 het C. Hiddingh uit Arnhem, Nederland, 'n eksemplaar van *Het Lot der Zwarten in Transvaal* aan pres. Pretorius gestuur en hom geskryf: „In de laatste tijden kwamen zulke vreemde verhalen opzigtelijk de Transvalers in de couranten voor, dat ik meende de handschoen voor hen te moeten opvatten, daar niemand hier zulks deed, waarschijnlijk ook al uit onbekendheid met hen. In een brochure van den Heer Huet worden echter de beschuldigingen niet alleen volgehouden, hoewel onder eenige reserves, doch voor het overige veel verzwaard.” R.1501/69.

⁶⁾ Notule bls. 25 en 26. Onthou moet word dat ds. Cachet een van die persone was wat in die „koloniale en buitenlandsche bladen” die laster van slawerny in Transvaal help versprei het.

⁷⁾ Notule bls. 17.

⁸⁾ Notule bls. 13. Dit was altyd die geval, as die beskuldigings van slawerny ondersoek is, het die valsheid daarvan in die lig kom. Vandag is dit nog nie anders nie, vergelyk die agitاسie van Michael Scott.

wou gaan trou maar loop in Mei 1866 met 'n ander Kaffer weg na Natal waar hulle deur 'n *Engelse* Kafferpolisiesman gevang word omdat hulle geen passe gehad het nie, en dus rondlopers was. Hulle is na New Castle gebring waar die *Engelse* magistraat hulle voorlopig in die tronk gestop het en aan die landdros van Utrecht laat weet het om hulle te laat haal. Hy het toe 'n Transvaalse Kafferpolisiesman gestuur om hulle na Utrecht te bring waar hulle Saterdagmiddag 29 Mei aangekom het. Die publieke aanklaer was vir 'n tydjie afwesig en die landdros moes alleen handel. Hy het die Kaffer en Clara toe tot 'n aantal slae veroordeel en 'n aantal maande tronkstraf. Cachet het toe 'n groep mense van die dorp na die tronk gebring en geëis dat die meid vrygelaat moes word en het appèl vir haar aangeteken en vir die som van £50 borg gestaan. Die meid en kaffer is Maandag losgelaat, hangende die appèl wat in soverre geslaag het dat op 7 Julie uitspraak gegee is dat die hofsitting van 29 Mei nie reëlmatig was nie, omdat daar geen publieke aanklaer was nie. Terwyl die saak hangende was, het Cachet in die *The Natal Mercury* van 24 Junie en *The Transvaal Argus* van 6 Julie opruiende briewe geskryf oor die slawerny wat in Transvaal heers. Die saak is op 26 Julie voor die waarnemende landdros T. C. Muller weer verhoor. Die Natalse en die Utrechtse Kafferpolisiesmanne het skerp getuienis teen Clara en die kaffer afgelê, waarop hulle na die strafsitting verwys is. Cachet se diaken Henry Loxton het as verdediger opgetree en eksepsie gepleit. Die spanning was deur die opruiery van Cachet so groot dat die hof die eksepsies aanvaar het en die hele saak van die hand gewys het. Landdros Van Yperen het dan ook die volgende dag aan die publieke vervolger geskryf en gekla dat Cachet hom as alleenheerser gedra en maak dat alle gesag misken word. En aan die Regering het hy geskryf dat hy nie meer orde kan handhaaf nie.⁹⁾

Die voorval met die naturelle weeskind Rosa het in dieselfde tyd plaasgevind. Sy was volgens art. 1 van wet van 26 Maart 1866 deur Cachet in Maart 1868 vir 'n jaar onder kontrak geneem.¹⁰⁾ Maar toe die jaar om was het hy haar nie by die landdroskantoor afgegee sodat verder voorsiening gemaak kon word nie. Die landdros het toe op 10 Junie 1869 die waarnemende dorpsveldkornet T. C. Muller met 'n skriftelike opdrag gestuur om Rosa te gaan haal en na die kantoor te bring. Cachet het daarop met die meidjie tot naby die kantoor gegaan en toe die landdros hom vra om haar af te gee het hy geantwoord „dat hij zich dat kind op straat niet liet afnemen.” Cachet was „gewapend met buitengewone groote kiere daarmede zwaaijende en dreigende” en het die meidjie by die arm geneem „en met veel geweld het huis ingevlucht bij den Gouvernements Onderwijzer H. W. de Haas.” Die landdros het toe herhaaldelik probeer om in die huis binne gelaat te

⁹⁾ R.975/69.

¹⁰⁾ Lokale wetten 1849—1885, bls. 229.

word „doch dat de stem van Frans L. Cachet (binnenshuis) duidelik door den Landdrost werd gehoord de bewoners verhinderende open te maken door te zeggen „je moet hem niet binnen laten.” De Landdrost is daarop de achterdeur binnen gegaan” waar hy Cachet en nog twee mans en twee vrouens aangetref het. Hy het Cachet weer gevra om die meidjie af te gee, maar hy het geweier en het die landdros „op de gemeenste wijze beledigd en bedreigd met volgende bewoordingen : „Jij bent een vrouwenbeul jou gemeene matroos,¹¹⁾ als de Heer de Haas te huis was zou ik jou het huis doen uitgooijen, ik zal jou het distrikt laten uittrommelen, en als ik geen predikant was zou ik” (waarop hij de maneuer maakte als iemand die zijn baatjie wil uittrekken om te vegten) middelerwijl was de meid in questie in eene der kamers van het huis verborgen.” Vier dae later het veldkornet B. J. Lombaardt en assistent veldkornet T. C. Muller na raadpleging met veldkornet H. A. Labuschagne die meidjie weer van Cachet opgeëis. Maar veldkornet Lombaardt het na terugkoms in bysyn van die ander twee veldkornette die landdros aangeraai „geene maatregelen van geweld te gebruikten daar de partij van Cachet de overmagt had en dat door personen dier partijen tegen hem persoonlik uitdrukkingen waren gebezigd die te kennen gaven, dat eenige maatregel van magt van den kant van den Landdrost of officieren met geweld zoude worden gekeerd.” Die landdros het die stukke na die Regering gestuur en gekla dat hy nie meer by magte was om onder so 'n gees orde te handhaaf nie. Die Uitvoerende Raad het op 3 November 1869 besluit om aan die landdros te antwoord dat hy by die uitoefening van sy pligte van die steun van die Regering verseker kon wees. Hierdie besluit is geneem nadat Pretorius in September op Utrecht was om te gaan sien wat gaande was. Hy het hom toe skerp uitgelaat teen die agitasies van ds. Huet en ds. Cachet en teen die verdraaide koeranteberigte. Die reaksie van Cachet hierteen was dat hy in *The Natal Mercury* van 23 Oktober 1869 'n verdraaide verslag van die besoek van Pretorius gegee het, en die Goewernement van oneerlikheid beskuldig het en die President dat hy nie geneë is om regverdig te handel nie.

Waar Cachet sy deel bygedra het om die bestuur van die land teen te werk en verwarring te veroorsaak en die Republiek in die koloniale blaaie te belaster, daar het hy sy bes gedoen om die Engelse outoriteite te beweeg om Transvaal in besit te neem. So het hy in *The Natal Mercury* van 31 Maart 1869 'n lang brief geskryf onder

¹¹⁾ Cachet het meermale in sy stryd teen landdros Van Yperen geïnsinuer dat hy 'n matroos van lae afkoms was. Ondersoek in Nederland het aange-toon dat sy vader, Alexander van Yperen, en sy grootvader, Marinus Urbanus van Yperen, altwee mediese dokters was, en altwee in Delft ge-praktiseer het. Daar was ook predikante in die familie. Van Yperen self is op 7 Maart 1827 te Delft gebore. Hy was getroud met Suzanna Elizabeth Zietsman en was 'n gerespekteerde amptenaar van die Republiek. Op 11 Desember 1886 is hy te Christiana oorlede, waar hy toe landdros was.

die hoof van *An Appeal to my distressed countrymen in the Transvaal* en dit onderteken met *A voice from the Transvaal*, en daarin uiteengesit in watter ellende die onafhanklikheid van die land die mense sinds 1852 in sou gedompel het. Hy het hulle aangeraai: „Ask the Queen of England once more to take you under her merciful and just rule; tell that you cannot govern yourselves, that you have tried it now and for so many years, and have signally failed. Then return like a prodigal son and say, we have erred in wandering from the paternal rule, now we see our error and are anxious to rectify and return.¹²⁾ Hierdie brief was uit die aard van die saak nie 'n „appeal” tot die Transvaalse Voortrekkers nie, want hulle kon geen Engels lees nie en het ook nie die *Mercury* geles nie, maar dit was bedoel om by die Britse outoriteite propaganda te maak vir 'n anneksasie van die land.

Dit was alles behalwe aangenaam om op 'n plek waar Cachet predikant was as landdros te moet fungeer en daarom het Van Yperen op 22 Junie 1869 die Uitvoerende Raad gevra om hom, indien moontlik te verplaas.¹³⁾ Cachet het deur sy optrede in die jare 1869 en 1870 in verskillende hofsake beland waarvan sommige baie afstootlik was.

President Pretorius was op 12 Februarie 1870 weer in Utrecht en het 'n byeenkoms gehou, waarop die landdros, die kommandant, die veldkornette en die volksraadslede en ook 'n aantal burgers aanwesig was. Die vergadering het besluit dat daar 'n munisipaliteit vir die dorp gekies moes word en met algemene stemme is hierop vyf lede gekies, waarvan W. E. Hollard een was.¹⁴⁾ Cachet het hierop weer in *The Transvaal Argus* van 22 Maart 'n smalende stuk geskryf en hom skerp teen die verkiesing van Hollard uitgelaat. Hierop het Hollard weer in *The Transvaal Argus* van 30 Maart met 'n skerp stuk geantwoord en Cachet van „leugens” beskuldig. In *The Transvaal Advocate* van 26 April 1870 was daar weer 'n brief van Cachet en ook een van Hollard. Cachet het Hollard van alles en nog wat beskuldig, van pogings tot moord, van diefstal, van 'n aandeel aan die moord op die familie Pretorius deur die Basoeto's op 27 Junie 1865 en van ander dinge. Ook landdros Van Yperen moes deurloop. Die redakteur van die koerant was dan ook verplig om sommige woorde uit die brief te skrap omdat dit te erg was. Hollard se brief teen Cachet was ook skerp, maar nie so vol skeldwoorde nie. Die redakteur het die korrespondensie gestop en in 'n voetnoot gesê dat hy die twee briewe „met weerzin” geplaas het. In *The Transvaal Advocate* van 31 Mei het 'n verslag verskyn van 'n hofsak tussen Hollard en Cachet. Hollard het die saak gewen

¹²⁾ S. P. Engelbrecht: Thomas François Burgers (Pretoria 1933), bls. 240—242, waar die hele brief afgedruk is. Toe Cachet op 17 Mei 1877 Shepstone met die anneksasie van Transvaal gelukgewens het, het hy met selfvol-daanheid na hierdie brief verwys as bewys hoe hy al jare voor die optrede van Shepstone 'n anneksasie bepleit het.

¹³⁾ R.669/69.

¹⁴⁾ Landdros argief Utrecht, band 80.

maar na afloop het 'n klompie van Cachet se mense Hollard gegryp en hom 'n pak slae gegee terwyl Cachet gestaan en lag het. Ook die landdros is deur hulle beledig. Daar is toe gerugte versprei dat Cachet se vriende van plan was om Hollard se huis in die nag af te brand, en ander gerugte dat Hollard se vriende in die nag 'n aanval op Cachet se huis sou maak, met die gevolg dat daar in die nag by altwee die huise waggestaan is! Die landdros het aan president Pretorius van hierdie woelinge kennis gegee en ronduit verklaar „dat de drijfveer van al de onlusten en moeilijkheden niemand anders is dan F. L. Cachet.”¹⁵⁾ Die landdros het dit op 4 Julie in 'n brief aan president Pretorius herhaal¹⁶⁾ en daarop gewys dat hy persoonlik aan gevare blootgestel is. Veertien persone, waarvan Cachet een was, het 'n memorie opgestel waarin geëis is dat Van Yperen as landdros moes bedank. Die Staatsprokureur het toe aan Van Yperen geskryf dat die saak voor 'n hooggeregshof sou kom.¹⁷⁾ Omdat dit in Utrecht so op- roerig was het die Uitvoerende Raad op 17 Oktober 1870 besluit dat die hofsitting deur ses tot twaalf gewapende burgers teen 10/- per dag beskerm moes word.¹⁸⁾

Cachet het as 'n egte quaerulant met sy bedrywighede aangegaan en op 26 Mei 1871 weer 'n klag by die Uitvoerende Raad teen land- dros Van Yperen ingedien wat begin het met die brief wat hy op 5 Augustus 1869 aan die publieke aanklaer geskryf het oor die optrede in verband met die meid Clara, verder oor smaad wat hy die Goewer- nement sou aangedoen het, oor vervalste afskrifte uit die prosesboek van Utrecht, van die „privaten haat” waardeur hy hom in sy regspraak laat lei en van sy regsverkragting.¹⁹⁾ Die Uitvoerende Raad het op 24 Julie besluit om hierdie klag „in handen te stellen van den Staats- procureur om deze zaak te onderzoeken en den schuldige wie hij ook zijn moge te doen straffen,” en verder om „den eerwaarden Heer Lion Cachet het leedwezen van de Regering te kennen te geven dat er altijd onaangenaamheden plaatsvinden tussen den Eerwaarden Heer Cachet en Landdrost Van Yperen.”²⁰⁾ Cachet het op hierdie laaste woorde weer vuur gevat en op 14 Augustus by die Uitvoerende Raad daarteen beswaar gemaak en gesê dat nie hy maar Van Yperen die skuldige is.²¹⁾ Op 21 Augustus het Van Yperen by die Uitvoerende Raad gekla dat Cachet 'n komplot teen hom en die publieke aanklaer gesmee het om hulle van Utrecht weg te kry omdat hulle nie lid van die Ned. Geref. Kerk is nie maar van die Ned. Herv. Kerk.²²⁾

15) R.698/70.

16) R.870/70.

17) S.P. band 373 no. 447.

18) Uitv. Raadsnotule 17 Okt art. 68. Die notule van die hofsitting kon nie opgespoor word nie.

19) R.639/71.

20) Uitvoerende Raadsnotule art. 148.

21) R.893/71.

22) R.914/71.

Op 12 September het Cachet weer by die Uitvoerende Raad gekla dat Van Yperen sy pligte verwaarloos. Hy wou sy erfbelasting gaan betaal maar Van Yperen was nie op die kantoor nie omdat hy gaan bruilof vier het, waardeur hom, Cachet, „schade en moeite” veroorsaak is.²³⁾ Van Yperen het gehoor dat Cachet so 'n klag gestuur het en het toe die dag daarna aan die Uitvoerende Raad geskryf dat hy na 'n plaas gegaan het om daar 'n paar te trou en dat Cachet toe opsettelik juis in sy afwesigheid die erfbelasting wou gaan betaal om sodoende 'n nuwe aksie te kan begin.²⁴⁾

Die Uitvoerende Raad het tydens die volksraadssitting op 20 Oktober die opinie van die Utrechtse volksraadslede ingewin en hulle was eenstemmig van mening dat sake daar nie langer so kon aangaan nie. Die Uitvoerende Raad het toe op 25 Oktober besluit om Van Yperen voorlopig as landdros te skors en O. C. Weeber tydelik in sy plek aan te stel.²⁵⁾ Toe hierdie berig in Utrecht bekend geword het, het 135 persone daarvandaan op 28 November 'n memorie aan die Uitvoerende Raad gestuur waarin hulle hul volkome tevredenheid met Van Yperen uitgedruk het, en verklaar het dat die skuld nie by hom lê nie en gevra het om hom in die geleentheid te stel homself voor 'n onpartydige kommissie of regbank te verantwoord.²⁶⁾ Cachet het toe op 6 Desember ook teen die publieke aanklaer J. A. Butner 'n klag na die Uitvoerende Raad gestuur, waarin hy hom van alles en nog wat beskuldig het, en die geskiedenis van die meid Clara weer inbring is. Die Uitvoerende Raad het hierdie klag ook in die hande van die Staatsprokureur gestel.²⁷⁾ Op 8 Februarie 1872 het Cachet nog weer 'n nuwe klag teen landdros Van Yperen ingedien. Hy sou naamlik 'n sekere P. W. Jordaan op 'n „certificaat van Burgerschap” vir 18/- aan seëls laat betaal wat te veel was en wat dus „afpersing” was.²⁸⁾ Ook dit is na die Staatsprokureur verwys.

Die Staatsprokureur, J. C. Preller, het met sy ondersoek so gevorder dat hy op 18 Maart 1872 aan die Uitvoerende Raad kon skryf dat hy al die stukke „nauwkeurig” ondersoek het maar niks gekry het waarop hy Van Yperen kon te reg laat staan en daarom moet hy die saak van die hand wys „en gezegde P. A. v. Yperen in deze van verdere rechtsvervolging moet ontslaan.”²⁹⁾ Die Uitvoerende Raad het op 19 Maart besluit om die saak uit te stel tot ook die verdere klagte van Cachet teen Van Yperen uitgemaak is.³⁰⁾

²³⁾ R.1014/71.

²⁴⁾ R.1015/71.

²⁵⁾ Uitv. Raadsnotule arts. 44 en 59.

²⁶⁾ R.1639/71. Onder hierdie 135 naamtekeeninge kom die van drie heemrade, twee veldkornette en 'n Duitse sendeling voor, en name van vriende van Cachet wat hom nou blykbaar begin loslaat het.

²⁷⁾ S.P. onder 18 Jan. 1872.

²⁸⁾ R.207/72.

²⁹⁾ S.P. band 374, no. 53.

³⁰⁾ Notule Uitv. Raad, art. 45.

Soos reeds vermeld het Cachet op 6 Desember teen die publieke aanklaer J. A. Butner 'n klag na die Uitvoerende Raad gestuur. Op 22 April 1872 het hy na die huis van die waarnemende landdroos Muller gegaan en geraas omdat Butner nog nie op die kantoor was nie. Muller is toe saam met Cachet na die kantoor en toe hulle naby kom ontmoet hulle Butner. Cachet en Butner het toe op straat teen mekaar te keer gegaan. Cachet het begin om te sê dat hy nou nie meer in die kantoor wil ingaan nie, omdat dit al so laat is en dat hy Butner by die Uitvoerende Raad wil aankla omdat hy nie op tyd daar was nie. Toe bars Butner los: „Cachet u moet nu ophoude met die grove beleedigingen en die valsche klagten, wat bliksems hebt gij altijd tegen mij te klagen,” waarop Cachet antwoord „hoe durf jij zoo 'n brutaliteit te gebruikten in de straat tegen een fatsoenlijk man, ik loop niet met zoo 'n man zamen, wacht laat ik bovenkant den wind komen.” Hulle is toe die kantoor in waar die gekyf aangehou het en Cachet selfs Butner wat ook posmeester was, beskuldig het dat die sy briewe wegmaak.³¹⁾

Die Staatsprokureur het op 29 Mei 1872 die rapport van sy ondersoek van al die moeilikhede voor die Uitvoerende Raad gelê en dit persoonlik toegelig, waarop die Uitvoerende Raad besluit het om Van Yperen in sy betrekking as landdroos van Utrecht te herstel en sy volle salaris gedurende die skortingstyd uit te betaal.³²⁾ Cachet was woedend en op 19 Julie was daar drie memories waarin gevra is dat die Volksraad Van Yperen as landdroos moes skors en dat die Volksraad sy handeling moes laat ondersoek. Die Volksraad het dit na 'n kommissie van drie lede verwys waarvan P. J. Joubert, die latere kommandant-generaal, een was, om op die saak in te gaan. Hierdie kommissie het op 29 Julie gerapporteer „dat er eene twist schijnt te bestaan tuschen den predikant Cachet en den landdrost Van Yperen, welke verergerd wordt, doordien burgers voor de eene of andere partij kiezen,” en die kommissie het aanbeveel om die saak in hande van die Staatspresident te laat om sodanige maatreëls te neem as wat kan strek „tot rust en vrede voor de inwoners in het district Utrecht.”³³⁾

Cachet het intussen sy toevlug weer na die Engelse pers geneem en in Junie 1872, dus nog voor die inswering van president Burgers, 'n brief in *The Natal Colonist* geskryf wat in die uitgawe van 2 Julie verskyn het, waarin hy die veldtog wat hy al die jare teen president M. W. Pretorius gevoer het, nou teen president Burgers gerig het en waarin hy landdroos Van Yperen en die landdrosklerk en publieke aanklaer Butner swart gesmeer het, en verder 'n federasie van die twee Republieke met die twee Engelse kolonies en 'n immigrasie in Transvaal uit Skotland bepleit het.

³¹⁾ Beëdigde verklaring van fungerende landdroos T. C. Muller, R. ad. 576/72.

³²⁾ Notule Uitv. Raad art. 77; *Staats Courant*, 11 Junie 1872.

³³⁾ Volksraadsnotule 19 en 29 Julie 1872, arts. 109 en 155.

By al sy getwis het Cachet hom meermale ook baie belaglik gedra. So wou hy nou nie meer landdroos Van Yperen langer as huweliks-kommissaris erken nie, en het hy die heemraad T. C. Muller in sy plek as sodanig aangestel en wou nou dat sy mense wat gaan trou voor Muller en nie voor Van Yperen voor kommissaris moes gaan! Op 14 Junie 1872 het die duplikaat-huweliksregisters van die eerste pare waarvan hy die huwelike ingeseën het, nadat hulle voor sy eie „huweliks kommissaris” was, na die Regering in Pretoria gestuur.³⁴⁾ Die Uitvoerende Raad het die advies van die Staatsprokureur hieroor ingewin en hy het verklaar dat hierdie huwelike „nietig zijn, als strijdig met de Huwelijks Ordonnantie” en dat die oortreding „volgens eigen brief van den Heer F. L. Cachet” deur hom „moedwillig gedaan is en met voorbedachten wil” teen die wettige landdroos, en dat die huweliksgeld hiervan nie in die Staatskas gestort kan word nie, maar saam met die duplikaat-registers aan Cachet teruggestuur moet word.³⁵⁾ Hierop het die Uitvoerende Raad die volgende dag besluit om „zijne groote ontevredenheid te kennen te geven over de handelwijze van den Eerw. F. L. Cachet en T. C. Muller” en laasgenoemde as heemraad te skors en aan die Staatsprokureur op te dra hom „volgens wet te vervolgen.” Verder is besluit „den predikant F. L. Cachet het regt om huwelijken te bevestigen voor den tijd van drie maanden te ontnemen.” Die Uitvoerende Raadslede Fred. Jeppe en M. W. Vorster het in die notule laat aanteken „dat zij tegen dat besluit stemmen, daar zij meenen dat de Heer Cachet voor den tijd van twee jaren behoorde geschorst te worden.”³⁶⁾

Cachet het op 5 Julie aan die Uitvoerende Raad gevra om revisie van die besluit en het daarvoor ses gronde aangevoer:³⁷⁾ *ten eerste* omdat hy onverhoord veroordeel is; *ten tweede* omdat hy nie die skuldige is nie maar wel landdroos Van Yperen „of liever het gouvernement door deszelfs weigerachtigheid om zijne zaken te Utrecht te doen onderzoeken”; *ten derde* omdat hy nie 'n goevermentsamptenaar is nie en die Goewerment hom dus nie kan skors nie, want een van sy pligte as predikant is juis om huwelike in te seën; *ten vierde* omdat ds. Van der Hoff in 1865 ook die huwelikswet oortree het, maar die Regering hom nie gestraf het nie; *ten vyfde* omdat die Uitvoerende Raad behoort in te sien dat hy wettig diensdoende predikant van die Ned. Geref. Kerk is en dat die Sandrivier Konvensie van 1852 die Regering verplig om die huwelike wat hy inseën te erken;³⁸⁾ en *ten*

³⁴⁾ R.794/72.

³⁵⁾ R.795a/72.

³⁶⁾ Notule Uitv. Raad 26 Junie 1872, art. 145. Die ander lede van die Uitv. Raad was fung. president D. J. Erasmus, N. J. R. Swart en S. J. P. Kruger. Die besluit is in die *Staats Courant* van 2 Julie 1872 gepubliseer.

³⁷⁾ R.910/72.

³⁸⁾ Net asof die Sandrivier Verdrag wat 'n Verdrag was waarmee Engeland in 1852 die onafhanklikheid van Transvaal erken het, aan hom, Cachet, die reg sou verleen het om hom nie aan die Transvaalse huwelikswet te steur nie!

sesde omdat as die Regering meen dat hy die huwelikswet oortree het, hy deur die Regbank vervolgd moet word.

Hy het nog brutaler geword en die brief van die Goewermentssekretaris hom op 3 Julie saam met die duplikaat-huweliksregisters gestuur het, gewoonweg per kerende pos aan hom terug gestuur!³⁹⁾ Hy het op 12 Julie sy kerkraad vir 'n buitengewone gekombineerde sitting saamgeroep en die saak daar voorgelê. Die kerkraad het besluit dat hy nie anders kon doen as wat hy gedoen het nie, en op sy vraag of hy hom aan die besluit van die Uitvoerende Raad moes onderwerp, het die kerkraad geantwoord dat die Regering hom nie as predikant aangestel het nie, en dus ook nie in die uitoefening van sy ampspligte kan skors nie, sodat hy „moet voortgaan met het sluiten van huwelijken onafhankelik van zijne schorsing door het gouvernement.”⁴⁰⁾

Die Goewermentsekretaris het op 17 Julie die duplikaat-huweliksregisters vir die tweede keer aan Cachet teruggestuur met die opmerking „omdat de huwelijken niet voltrokken zijn volgens wet. De Regering kan geene huwelijken voor wettig erkennen die niet volgens wet gesloten zijn, en beschouwt dus deze van nul en geene waarde.” En wat sy nuwe klagte teen landdros Van Yperen aanbetreft, het die Regering van hom „eene duidelijke verklaring vergezeld van getuigenissen dat de Landdrost van Utrecht zich heeft schuldig gemaakt aan slavenhandel” geëis.⁴¹⁾ Die Uitvoerende Raad het geweier om die besluit oor Cachet se skorsing te herroep en het op 22 Julie 1872 besluit om aan sy kerkraad kennis te gee „dat geene huwelijken in strijd met de Huwelijks Ordonnantie bevestigd voor wettig zullen erkend worden. Voorts dat de Regering niet van meening is Ds. Cachet of eenig andere Godsdienst Leeraar in de uitoefening van zijn ambtspligten te hinderen, maar in geen geval gedoogen kan dat de huwelijken worden bevestigd in strijd met de wet.”⁴²⁾

Cachet het hoe langer hoe brutaler geword en op 30 Julie 'n brief aan die Uitvoerende Raad geskryf⁴³⁾ waarin hy om hersiening van die skorsingsbesluit vra, nie ter wille van homself nie maar om die Uitvoerende Raad „in de gelegenheid te stellen zijn curieus besluit te veranderen opdat de beschaafde wereld niet een nieuwe rede zou hebben zich over onze regering te verwonderen.” Verder het hy daarin beweerd dat die Uitvoerende Raad nie die mag besit om hom te belet om huwelike in te seën of om 'n huwelik wettig of onwettig te verklaar, alleen die Regbank kan dit doen, en

„daar het niet *waarschijnlijk* is dat, wanneer de *wettigheid* der door mij gesloten of nog te sluiten huwelijken in quaestie zal worden gebracht, de tegenwoordige Regering daaromtrent nog iets te

³⁹⁾ R.911/72.

⁴⁰⁾ R.954/72 ad.

⁴¹⁾ S.S. 9, 2702, No. 1070.

⁴²⁾ Notule Uitvoerende Raad, art. 46.

⁴³⁾ R.1040/72.

zeggen zal hebben⁴⁴⁾ maar het te verwachten is dat tegen dien tijd het licht dezer eeuw ook wel eenigzints de tastbare duisternis hier te lande zal verdreven hebben; en daar het niet te verwachten is dat verdere correspondentie met UEd. iets zal bijdragen om UEd. te doen verstaan dat, waar eene Regeering zich door private sympathiën of antipathiën voor of tegen personen laat in de behandeling van publieke zaken, een land te gronde moet gaan (de Regering ingesloten) zoo neem ik afscheid van UEd. met de toebidding van wysheid, voorzichtigheid, onpartijdigheid, kennis van Wet en wat UEd. verder moogt noodig hebben om UEd.'s plichten tegenover land en volk te vervullen."

Die Uitvoerende Raad het hierdie brief gewoon vir kennisgewing aangeneem en dit nie beantwoord nie. Maar niesteenstaande Cachet se melodramatiese „afscheid" van die Regering het hy dit tog nie reg gekry om verder te swyg nie, want twee maande later, op 4 Oktober, het hy weer 'n lang brief aan die Uitvoerende Raad geskryf, maar dit was so brutaal dat die Raad aan die kant geskryf het „de brief te impertinent zijnde voor kennisgewing aangenomen."⁴⁵⁾

Toe die Regering dit wenslik gevind het om in die *Staats Courant* van 13 Augustus 'n kennisgewing te plaas dat alleen huwelike wat ooreenkomstig die huwelikswet bevestig is, erken word, het die betrokke mense in Utrecht tog onrustig begin word, en hul afgevra of al die huwelike wat Cachet bevestig het, nie dalk onwettig was nie. 'n Paar persone het dan ook op 19 Desember so 'n vraag aan die Uitvoerende Raad gerig en ook melding gemaak van die gevalle waarvan die duplikaat-huweliksregisters deur dit Uitvoerende Raad terug gestuur is.⁴⁶⁾ Die Uitvoerende Raad het hulle op 2 Januarie 1873 geantwoord dat alleen daardie paar huwelike wat Cachet saam die *deur hom* onwettige aangestelde huweliks-kommissaris bevestig het, „van nul en geene waarde is."⁴⁷⁾ Die mense op wie dit betrekking gehad het was toe so verstandig om hulle na die waarnemende landdros R. T. J. van Rooyen te begeef wat hulle toe behoorlik in die huwelik bevestig het, terwyl hy egter nie seker was watter van die deur Cachet ingeseënde huwelike algar onwettig was nie. Maar nou was Cachet weer woedend op die waarnemende landdros Van Rooyen en het op 17 Februarie 1873 twee briewe aan president Burgers geskryf⁴⁸⁾ en beswaar gemaak teen hierdie „overtrouwen". Hy wou gehad het dat die huwelike wat nie volgens die wet bevestig was nie, alleen net geregistreer moes word, met ander woorde, dat die huweliksluitings van die deur hom aangestelde huweliks-kommissaris net erken moes word en dat die huwelikswet dan voor-

44) Cachet het dus blykbaar verwag dat die Republiek mede deur sy agitatie al gou deur Engeland geannekseer sou word

45) R.1351/72.

46) R.1773/72.

47) S.S. 20707, B.B. No. 6, 1873.

48) R.280/73 en R.281/73.

taan „in letter en geest” deur hom nagekom sal word. Verder het hy brutaalweg beweer dat president Burgers en kommandant-generaal Paul Kruger hom gesê het dat dit goed was. Ook het hy gevra om waarnemende landdros Van Rooyen te skors en het hom van „kwaadaardigheid” en „onkunde” beskuldig, „zijnde hij een boschwerker zonder opvoeding, niet in staat om behoorlijk te lezen of te schrijven.” Die Regering het hom kortaf geantwoord⁴⁹⁾ dat die huwelike wat na die totstandkoming van die huwelikswet van 1871 gesluit is, ook volgens daardie wet gesluit moet wees. Met die verdwyning van Cachet uit Utrecht op 31 Maart 1873 het hierdie kwessies ook verdwyn.

Cachet se prestige het deur al sy getwis baie gely en hy kon bessaarlik nog langer in Transvaal bly. Hier het nog bygekom dat hy ’n brief aan ’n hooggeplaaste persoon in Engeland geskryf het en dat daardie persoon sonder dat hy daarop gereken het, die brief in *The Colonial Intelligencer* gepubliseer het, ’n blad wat baie vyandig teen Transvaal en die Boere was. Die Kaapse blad *The Standard and Mail* het dit in sy uitgawe van 9 Maart 1872 oorgeneem en die Kaapse *Het Volksblad* het op 12 Maart ’n Hollandse vertaling daarvan gegee. Hierin het Cachet oor Transvaalse toestande o.a. die volgende geskryf :

There are here four parties :

- (a) The Pretorius or Boer Party, known by insolence, stupidity, lethargy, ignorance of all affairs beyond their farms, hatred of Europeans, civilisation, progress, and of Englishmen and Kaffirs in particular.
- (b) The English party, consisting of Europeans who wish to bring the Republic under English rule.
- (c) The Free State party wishing to unite with the Free State.
- (d) The True Liberals, the party of progress, wishing to elect another President and maintain the integrity of the Republic, but on an amended footing.

Pretorius has ever been the evil genius of the Republic. He is ignorant, insolent, fond of power and ruled by one motive — a desire to retain his power coûte que coûte. He has, however, of late made such misuse of his power, that all parties (the ultra Pretorians excepted) join in the cry “away with Pretorius”. This has given occasion for a desire for a new grondwet (charter), a draft of which now lies on my table, and which will become law in May next, I think. If so, then a President will be elected from the colony, slavery more fully suppressed, our paper-money redeemed or made more valuable, and altogether the state of things greatly altered for the better. If this law is not accepted by the Raad, then all parties of progress will join and bring a union to pass between us and the Free State under Brand. Diamonds and gold will do the rest.

⁴⁹⁾ S.S. 2707, B.B. No. 296.

The federation of the several states of South Africa is only a matter of time, and I think it would be a wise step on the part of the Home Government to further the cause of federation here as much as possible. If the newly-discovered goldfields near Lydenburg can be worked satisfactorily, there is no doubt that we shall have enough influx of people to break up Boerdom."

Hierdie brief het heelwat opspraak verwek en Cachet het homself probeer verontskuldig deur te sê dat dit 'n privaat skrywe was en dat dit buite hom om gepubliseer is, en verder dat die Hollandse vertaling in Het Volksblad 'n slegte vertaling was.

In die koerante van daardie dae, ook in die *Staats Courant* vind mens meermale die vreemdsoortigste verklarings en apologieë wat as advertensies voor, teen en deur Cachet geplaas is. So het in die *Staats Courant* van 24 Desember 1872 die volgende verskyn:

AMENDE HONORABLE.

Ik de ondergeteekende, Joseph Watson, thans te M. W. Stroom, verklaar bij deze dat ik door den Heer F. L. Cachet, te Utrecht, opgestoken ben geworden om tegen den Heer William Emil Hollard, wonende te Wakkerstroom, lasterlijke en eerschennende woorden te bezigen en te verspreiden, en mij zekere documenten gegeven om af te schrijven, welke strekken zouden om het karakter van gemelde W. E. Hollard te belasteren.

Ik verklaar verder dat het mij van harte leed doet lasterlijke geruchten tegen den Heer W. E. Hollard verspreid te hebben, en bij deze zulks nooit weder te zullen doen en verder verklarende niets hoe ook genaamd van den Heer W. E. Hollard te weten dan wat tot zijne eer en goede naam kan strekken.

Aldus gedaan en geteekend ten dorpe Marthinus Wesselstroom, den 10den dag van December 1872, in tegenwoordigheid der hieronder geteekende getuigen.

(w.g.) JOSEPH WATSON.

Als getuigen:

(w.g.) J. M. SCHEFFER, Waarn. Veldcornet.

(w.g.) E. C. V. VOCKRODT, Baljuw.

Bovenstaande Joseph Watson is voor mij verschenen en erkend dat het zijne naanteekening is, en dat hij met de inhoud der document ten volle bekend is, en dezelve nogmaals bekrachtigd.

Landdrost kantoor, M. W. Stroom,

(w.g.) A. A. O'REILLY,

Landdrost, Wakkerstroom.

Voor waare copy van het origineel

(w.g.) W. R. KEET, Landdrost-Klerk.

Cachet het dit langamerhand beter geag om Transvaal te verlaat. In die *Staats Courant* van 5 Nov. 1872 kom van hom by wyse van advertensie 'n paar kennisgewings voor wat daarop wys dat hy sy geldsake in orde wou bring met die oog op 'n vertrek. Hy was nie onbemiddeld nie, want sy praktyk as „dokter”⁵⁰⁾ en sy spekulasies het hom nie windeiers gelewer nie. Op 30 Maart 1873 het hy in Utrecht sy afsheidsprek gehou⁵¹⁾ waarna hy na Nederland terug is en daar het hy in 1875 sy *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* die lig laat sien. Dit bestaan uit twee gedeeltes van 256 en 187 bladsye. Maar van hierdie totale 443 bladsye word oor sy Utrechtse jare van 1869—1873 in slegs twee bladsye handel. *Sapienti Sat!*

DS. CACHET NA NEDERLAND.

Ds. Cachet het op 25 Mei uit Suid-Afrika vertrek, maar omdat die skip naby Dasseneiland teen 'n rots gestamp het, moes dit weer na Tafelbaai terug gaan met die gevolg dat hy toe eers op 15 Junie weg is. Hy het op 6 Julie in Holland aangekom en in Utrecht gaan woon en die betrekking as reisende predikant van die Konfessionele Vereniging aanvaar. In April 1874 het hy toesegging van beroep as predikant van die Ned. Hervormde gemeente Nieuw Loosdrecht gekry en dit aangeneem. Omdat hy nog eers in die Hervormde Kerk van Nederland beroepbaar gestel moes word, is die beroep pas op 22 Augustus uitgebring en is hy eers op 27 September bevestig. So het hy dus predikant geword in die Hervormde Kerk van Nederland, die Kerk waarop hy in 1865 die Skrifwoord toegepas het „die vuil is dat hij nog vuil worde.”

In Nieuw Loosdrecht het dit van die staanspoor af verkeerd gegaan.¹⁾ Die kerkvoogdy het hom met sy beroepsbrief vergoeding van

⁵⁰⁾ Sonder die minste studie in die geneeskunde het hy verskeie jare lank in Utrecht „gedokter” en 'n soort apteek van patente medisyne daarop nagehou en aan die mense verkoop. Op 24 Oktober 1870 het hy omdat sy „praktijk” in die laaste jare so uitgebrei het, dit wenslik geag om deur die goewernement „gelicentieerd” te word, aansoek gedoen om as geneesheer toegelaat te word. Op 26 Oktober is hy tegelyk met die Duitse sendelinge A. Merensky en F. A. Grunberger deur die geneeskundige kommissie B. G. A. D. Arnoldi en H. Jeppe aanbeveel, waarop hy toegelaat is om te praktiseer „als Genees-, Heel- en Verloskundige”, sien *Staats Courant* 27 Desember 1870.

⁵¹⁾ F. Lion Cachet: *Afrikaansche Preken* (Utrecht 1874), bls. 112—129.

¹⁾ Op 24 April 1916 het die heer J. Manten wat toe 83 jaar oud was en in Nieuw Loosdrecht gewoon het en ds. Cachet tydens sy dienstyd daar geken het, my die volgende meegedeel: „Ds. Cachet was zeer knorrig en wilde over iedereen de baas spelen. Soms sloeg hij in het midden van zijn preek de Bijbel dicht en eindigde omdat de mensen, volgens hem, in de kerk sliepen. Met de kerkvoogden had hij ook ruzie. Zij hadden hem bij de beroeping beloofd zijn reis- en verhuiskosten van Utrecht naar N. Loosdrecht te vergoeden, bedoelende Utrecht in Ho'land. Doch ds. Cachet wilde vergoeding van verhuiskosten van Utrecht in Transvaal, waarop hij geen recht had en die hij ook niet kreeg.”

reiskoste beloof van Utrecht na Nieuw Loosdrecht en het bedoel vanaf Utrecht in Nederland waar hy op 22 Augustus 1874 gewoon het toe hy beroep is. Maar Cachet wou vergoeding van reiskoste hê van Utrecht Transvaal waar hy tot einde Maart 1873 gewoon het! Hy het beweer „dat een smet op zijn karakter geworpen is” en het te kenne gegee dat hy by die Classikaal Bestuur sou gaan kla.²⁾ Op die Kerkraadsvergadering van 9 April 1875 was 'n skrywe van die kerkvoogdy oor woorde wat hy op die preekstoel gebesig het.³⁾ Op die eerste kerkraadsvergadering het hy al met die kerkraad gebots. Baasspelerig as hy was, het hy op die vergadering van 16 Oktober 1874 „de volstreckte autonomie der gemeente” voorgestaan sodat hy dan teenoor die hoëre kerklike liggame kon maak wat hy wou. Dit was teen die kerklike reglemente en die kerkraad wou daar tereg nie mee saamgaan nie.⁴⁾

Waar hy tydens sy verblyf in Transvaal herhaaldelik president Pretorius en die Regering van die land in die Engelse pers ondergrawe en verdag gemaak het, daar het hy in 1875 dieselfde in die Nederlandse pers gedoen teenoor president T. F. Burgers wat in daardie jaar Nederland besoek het. Hy het weer 'n veldtog van verdagmaking gevoer tot in Skotland toe waar hy in 1875 die General Assembly van die Free Church toegesprek het en weer die aanklaer van Transvaal was.⁵⁾ Ook in Nieuw Loosdrecht was hy hoogs neurasthenies. Toe hy daar nog geen drie maande was nie, deel hy die Kerkraad mee dat hy 'n beroep na Amstelveen gekry het en as hy dit nie sou aanneem nie, wou hy na Suid-Afrika teruggaan.⁶⁾ Hy het besluit om die beroep aan te neem, maar toe het hy weer begin twyfel en nie gewet wat om te doen nie, en het toe twee briewe geskryf, die een waarin hy aan die Kerkraad van Amstelveen kennis gegee het dat hy die beroep aanneem en die ander dat hy dit bedank, en het die posbode een daarvan laat pos. Toe hy die brief wat nie gepos is nie oopmaak, sien hy dat hy die beroep bedank het, en toe word hy tengevolge daarvan „vrij ernstig krank” soos hy dit self verhaal. Dit was selfs so erg dat hy soms half „delirious” was en dat die onderwyser van die skool op 'n bepaalde nag in 'n aangrensende kamer gebly het om by die hand te wees „als het weer noodig werd.”⁷⁾ Na sy siekte het hy op raad van die dokter 'n tyd op die landgoed Houdringen gaan uitrus en het in hierdie rustyd sy *Vijftien jaar in Zuid-Afrika* geskryf.⁸⁾ Op 9 April 1875 het hy die kerkraad „officieel” kennis gegee van sy voorneme om na Zuid-Afrika te gaan. Maar die brief van die kerkvoogdy oor sy „kanselwoorden” het die eervol ontslag verdrag. Toe op 12 Julie sy versoek om eervol ont-

2) Kerkraadsnotulen N. Loosdrecht, 23 Feb. 1875; mededeling van J. Mantén.

3) Kerkraadsnotule N. Loosdrecht, 9 April 1875.

4) Kerkraadsnotule N. Loosdrecht, 16 Okt. 1874.

5) Ds. H. F. Schoon: *Na Vijftig Jaren* (1915), bls. 6.

6) Kerkraadsnotule N. Loosdrecht, 18 Des. 1874.

7) F. Lion Cachet: *Twee jaren in Holland* (1877), bls. 149—150.

8) *Twee jaren in Holland*, bls. 151.

slag herhaal is en „daar het duidelik schijnt dat de Leeraar naar Afrika zal moeten terugkeeren, wordt door den Kerkeraad het verzoek bewilligd.”⁹⁾ Hy het op 5 September sy afsheidspreek gehou en het op die 24ste na Skotland vertrek, waar hy drie weke gebly het en op 17 November het hy in Tafelbaai aangekom. Maar dit het nie so vlot gegaan met 'n beroep nie. Na Transvaal kon hy moeilik teruggaan, dit het hy besef, en dit het byna nege maande geduur voordat hy in 'n Suid-Afrikaanse Gemeente sy intree kon doen. Dit was Villiersdorp in die Kaapkolonie waar hy op 5 Augustus 1876 bevestig is.

WEER IN SUID-AFRIKA.

Ds. Cachet het vanaf sy tweede aankoms in Suid-Afrika 'n bitter veldtog in die Kaapse pers teen die Transvaalse Regering gevoer, en dit probeer ondermyn en verdag maak so ver as wat hy kon. Ja, hy het uit Villiersdorp 'n korrespondensie met sy aanhangers in Transvaal gevoer en hulle teen hul eie owerheid probeer opmaak, soos ook gesien kan word in die volgende brief van S. J. P. Kruger, die latere Staatspresident, wat hy op 6 November 1876 uit Rustenburg teen Cachet geskryf het en in *De Volksstem* van 18 November gepubliseer het:

In eene circulaire, ondertekend en verspreid door den Eerw. F. Lion Cachet, zie ik, dat Z.H.Ed. de Staatspresident mij zou gepasseerd hebben als Commandant-Generaal in de expeditie naar Secocoenie, en mij daardoor zou beleedigd hebben. Zulks is onwaar, want de Staatspresident heeft mij bepaald gevraagd om die zware verantwoordelijkheid op mij te nemen voor eenig ander, maar ik weigerde zulks tot drie malen toe om voor mij bekende redenen.”

Na die anneksasie van Transvaal wat in die Kaapkolonie onder Afrikaners 'n afkeuring gewek het, het hy op 17 Mei 1877 aan Sir Theophilus Shepstone „*private and confidential*” geskryf en sy ingenomenheid daarmee betuig, maar het tog tegelykertyd dit so gedoen dat hy hom nie heeltemaal kompromiteer nie.¹⁰⁾ Hy het gesê dat hy genoeg onder die wanbestuur van die Republiek gely het en nooit rede gehad het om op die bestuur daarvan verliefd (infatuated) te wees nie, maar dat hy tog bedroefd voel oor die aaneksasie. Hy het reeds in 1872 die Republiek as verlore beskou omdat F. W. Reitz toe nie as president verkies is nie, ja hy het al in *The Natal Mercury* van 1869 of 1870 'n oorname van Transvaal deur Engeland as volg bepleit:

The modus operandi is very simple. All that England has to do is to issue a proclamation that the “Transvaal territory is British territory,” nothing more. *Reasons might by alledged*

⁹⁾ Kerkraadsnotule N. Loosdrecht, 9 April, 14 April en 12 Julie 1875.

¹⁰⁾ Shepstone-papiere, Natalse argief.

afterwards.¹¹⁾ A royal proclamation is all that is needed. To make this annexation palatable to the inhabitants of the Republic and to prevent any disturbance whatever, let the Imperial Government send us Cape men to rule over us and not Englishmen fresh from Europe . . . magistrates like . . . Mr. Osborn from New Castle . . . who can put up with our quaintness and prejudices, men who understand our position. Let the Dutch language to some extent remain the official language with the English language, and the observance of a few more trivial things will make the people hail with joy the raising of England's glorious banner, etc.

Hy skryf verder in dieselfde brief aan Shepstone dat hoewel hy die ondergang van die Republiek betreur, hy tog die eerste wil wees

to declare openly for the Queen's Government. In fact I am doing so now. I am using my influence with the people to accept quietly the change of government and not speak of leaving the country. I have written and write again to such men as Mr. Jacob Mare of Heidelberg, Daniel Erasmus and other friends of mine and staunch good men.

Verder het hy Shepstone gevra dat die nuwe bewind sy lisensie as „Genees-, Heel- en Verloskundige” sou erken en die erkenning in die *Transvaal Government Gazette* bekend te maak sodat sy mense in „all Lydenburg, Utrecht, Upper Vaal Rivier, Marico” kon sien „that I have accepted the change of government and they would or might be induced to look more kindly upon it.” En nou dat hy Shepstone se anneksasie proklamasie gelees het „*I do now wish that our people may quietly settle under Her Majesty's Government*”¹²⁾ and I wish to do what lies in my power therein.” Cachet se plan was vermoedelik om na die erkenning van sy „doktersdiploma” hom weer in Transvaal te vestig, maar die vraag is of Shepstone wat met sy opruierige aard bekend was, hom daar wou hê. In elk geval, Shepstone het hom deursien en sy „doktersdiploma” nie erken nie, wat vir hom 'n teleurstelling was met die nuwe bewind.

In 1879 het Cachet via Pietermaritzburg 'n reis na Transvaal gemaak en het aan die eenkant hom in laasgenoemde stad met die Hoë Kommissaris Sir Bartle Frere wat toe daar vertoef het, in verbinding gestel en die Transvaalse toestande met hom bespreek en aan die ander kant het hy dieselfde gedoen met sy mense in Transvaal. Maar geen van die twee partye het hom vertrou nie.

Toe hy in Transvaal gesien het watter heftige teenstanders van die anneksasie die meeste van sy eie mense was en hoe sy kollega,

¹¹⁾ Met hierdie deur my gekursiveerde woorde teken Cachet sy eie karakter.

¹²⁾ Die kursivering is van Cachet.

ds. J. P. Jooste uitgebak was omdat hy openlik die anneksasie verdedig het, terwyl hyself dit alleen agteraf gedoen het onder skuilname in die pers en in briewe gemerk „private and confidential”, het hy teenoor die Britse outoriteite versigtiger begin word. Maar toe hy in Februarie 1879 aan Sir Bartle Frere die spanning in Transvaal „as extremely critical” voorgestel het omdat die Boere met niks minder as die vernietiging van die anneksasie tevrede sal wees nie, het hy verklaar dat hy in geen enkel opsig in hierdie geval met hulle saamstem nie,

knowing from past experience the impossibility of the Boers by themselves constituting a strong and united government, and he had an idea if the Boers really understood the intentions of the British Government, they would abstain from revolutionary reaction.

Maar uit die brief wat sir Bartle Frere hieroor aan die Sekretaris van Staat in Engeland geskryf het, blyk duidelik dat hy Cachet nie vertrou het nie.¹³⁾

Toe die oorlog van 1880-81 tussen Transvaal en Engeland uitbreek het en op 'n oorwinning van die Boere uitgeloop het, het hy heeltemal pro-Boer geword en in 1882 sy *Het Worstelstrijd der Transvalers* uitgegee waarvan die strekking in volkome teenspraak was met sy houding wat hy voor hierdie oorlog op staatkundig gebied teenoor die Boere ingeneem het. Maar hierdie houding was nie ten volle en ook nie algemeen bekend nie en hy kon hom met hierdie boek dan ook enigins rehabiliteer, terwyl ds. Jooste, wat nie op bedekte wyse maar openlik die Engelse kant gekies het, uit Transvaal moes vlug.

In Villiersdorp het dit tussen hom en sy gemeente alles behalwe goed gegaan. Ook hier het hy weer moeilikheid op moeilikheid veroorsaak. So lees mens in *Het Volksblad* van 12 September 1878 'n berig van 'n korrespondent daar vandaan wat in *De Transvaal* van 2 Oktober oorgeneem is dat

eene vuilnisbalie geledigd werd op de stoep van de pastorie en gedurende een Zondagnacht werd een gedeelte van den muur om den pastoretuin bijna tot den grond afgebroken.¹⁴⁾ Niet lang geleden had men in den nacht de ruiten van studeer- en slaapkamer ingegooid. De correspondent klaagt, dat er op het dorp geen enkele konstabel is, en zegt dat de kerkeraad £5 heeft uitgeloofd voor het aanbrengen van de daders. Verder meldt hij later te hebben vernomen, dat een Boschjesman bekend heeft door eenige lieden van het dorp te zijn gehoord om de pastorie met vuilnis te besmeren, alsmede dat zekere ingezetenen van het dorp, welker namen worden genoemd, het plan op touw gezet hadden.

¹³⁾ Kaapse Argief G.H. 32, 2.

¹⁴⁾ Die slawe het hul in vroeër jare meermale aan hierdie misdryf skuldig gemaak, sien Victor de Kock; "Those in bondage, (1950) bls. 169.

Op 7 Mei 1929 het 'n tagtigjarige ingesetene van Villiersdorp op 'n geskiedenisandaan van die C.J.V. aldaar die volgende herinnering aan ds. Cachet meegedeel: ¹⁵⁾

'n Goeie prediker maar 'n moeilike man. Hy het beslis geweier om huisbesoek te doen, en het gesê sy vrou doen huisbesoek, hy sal dit nie doen nie. Die gemeente het tydens sy verblyf verdeeld geraak. Die oubaas was later gewillig om weg te gaan, mits die gemeente sy agterstallige salaris betaal. Toe daar verdeeldheid in die gemeente gekom het, kon hulle die predikant-salaris nie byeenbring nie. Die dominee het hulle gedreig dat hy die kerkbanke sal laat verkoop as hulle hom nie betaal nie. Almal het toe saamgespan, 'n basaar gehou en die nodige som bymekaar gebring.

WEER TERUG NA NEDERLAND.

Op 7 Maart 1880 het hy op Villiersdorp sy afskeid gepreek en op 26 Maart het hy uit Kaapstad vertrek na Holland. Hy het hom weer in die Hervormde Kerk beroepbaar gestel en op 19 Desember 1880 is hy te Valkenburg by Leiden bevestig. Omdat hy gedurende sy Transvaalse periode welaf geword het, kon hy dan ook die verskeie seereise na en van Europa onderneem, en dit bekostig om telkenmale verskeie maande buite die diens te wees.

Maar ook in Valkenburg kon hy nie met die mense vrede bewaar nie. Toe hy 'n beroep na Rotterdam aangeneem het en op 21 April 1883 sy afskeid moes preek, het hy eers geweier en gesê dat hy die stof van sy skoene afskud oor die Valkenburgers, en wou gehad het dat ds. H. van Druten die konsulent, die afskeidswoord namens hom moes sprek, wat dit egter geweier het. ¹⁶⁾

In 1884 het die deputasie uit Transvaal wat in Engeland was in verband met die sluiting van die Londense konvensie, president S. J. P. Kruger, gen. N. J. Smit en ds. S. J. du Toit ook Nederland besoek. Saam met hulle was ds. D. P. Faure uit Kaapstad wat van Engelse kant as tolk van die deputasie benoem was. Ds. Faure deel die volgende voorval mee wat tekenend is vir die optrede van ds. Cachet sy hele lewe deur: ¹⁷⁾

The passage from London to Rotterdam was marred by one untoward incident. Off Maassluis the steamer was unexpectedly boarded by the Rev. Lion Cachet, formerly minister in the Transvaal, and well-known in South Africa. His presence was considered particularly objectionable by General Smit who when immediately afterwards we sat down to breakfast, made things very uncom-

¹⁵⁾ *Die Burger*, 11 Mei 1929; *Die Volkstem*, 16 Mei 1929.

¹⁶⁾ Ds. H. van Druten het dit my in 1918 persoonlik meegedeel.

¹⁷⁾ D. P. Faure: *My Life and Times* (Cape Town, 1907), p. 113—114.

fortable for the Reverend gentleman, by bluntly asking him why he had gone so far out of his way to meet the Deputation, and why he now pretended to be such a great friend of the Republic, after he had vilified the Boers in his writings, and had during the annexation acted as the adviser of Sir Bartle Frese, and had urged the people to submit to British rule, and generally made it a bad quarter of an hour for the visitor, and rather awkward for the rest of the company. Mr. Cachet, however, was not a man who allowed himself to be distressed by such trifles. Intent on freezing on to the Deputation, he was just in the act of stepping into the State Carriage on his own invitation, when the Managing Director of the Company ordered him off, to which indignity he had to submit, in the very city where he was a clergyman.

In sy tweede verblyf in Nederland as predikant, na 1880, het Cachet hom onder die volgelinge van dr. A. Kuyper geskaar. In Rotterdam wou hy dat iedereen wat 'n kerklike betrekking beklee het, die Drie Formuliere van Enigheid sou onderteken, en so het die eenaardige voorval plaas gevind dat hy geëis het dat iemand wat as orrelis in een van die Rotterdamse kerke aangestel is, dit eers moes teken. In Rotterdam het in 1887 die Doleansie onder sy leiding plaas gevind. Van die sestien predikante het net een met hom saam gegaan, en ook 'n deel van die kerkraad wat hy toe gekonstitueer het as *die* kerkraad van Rotterdam. Dr. A. W. Bronsveld het oor sy optrede die volgende opgemerk: ¹⁸⁾

Te Rotterdam maakt de heer Lion Cachet met zijn eenen collega en zijn figureerende „kerkeraad” zich belachelijk, wat kwaad is voor een man, wien reeds zoo veel is overkomen.

Met dr. Kuyper kon hy ook nie goed oor die weg nie, want Kuyper het nie oor hom laat baas speel nie.

In die jare 1886 en 1887 het hy as korrespondent uit Nederland vir *De Zuid Afrikaan* opgetree en die predikante wat van die etiese rigting was onder verdenking gebring deur hulle op een lyn met die predikante van moderne rigting te plaas. En toe ds. M. J. Goddefroy in 1887 uit Holland na die Hervormde Gemeente van Pretoria beroep is, kon ds. Cachet dit nie nalaat, bemoesiek as hy was, om hom daarmee te bemoei en in *De Zuid Afrikaan* van 16 April 1887 ds. Goddefroy te probeer verdag maak. Maar niemand minder dan ds. S. D. van Veen die latere Utrechtse professor, het toe in *De Zuid Afrikaan* van 5 Julie die verdagmaking weerspreek. ¹⁹⁾

¹⁸⁾ *Stemmen voor Waarheid en Vrede*, 1887, bls. 432—433.

¹⁹⁾ Prof. Van Veen wat een van my leermeesters in Utrecht was, het my in my studentetyd meegedeel dat die korrespondent in *De Zuid Afrikaan* ds. Cachet was.

Toe die oorlog in 1899 tussen Transvaal en Engeland uitbreek het, het Cachet teen hierdie onreg van Engeland opgekom. Maar veel kon hy nie meer doen nie, hy was al oud, en toe hy in die krag van sy lewe was het hy juis die Engelse agressie bevorder! Eindelik het vir hierdie onrustige en strydlustige man die aardse woelinge geëindig. Op 27 November 1899 is hy oorlede. Een van sy na-familie lede het my nog in 1924 meegdeel hoe die familie in Nederland nie veel met hom opgehad het nie en daarteen opgesien het as hy kom kuier, want dan wou hy altyd die baas speel. Sy waardige broer, prof. Jan Lion Cachet, die teologiese professor van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom, het heeltemal 'n ander karakter gehad en het meermale aan hom gesê: „Frans, ben je niet bang dat het met jou sal gaan als met Haman en Mordechäi?” En ou mense in Transvaal het op hom die spreekwoord toegepas: die wat 'n ander jaag staan self nie stil nie.

S. P. E.